MATIE-land



JAARGANG 2 NOMMER 1 APRIL 1958

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



„Totsiens, skat. Geniet die vakansie. Pas jou goed op—en moenie vergeet om te skryf nie."

Beplan u 'n vakansie? Of 'n sakebesoek? Waar u ook al gaan sal Standard Bank Reisigerstjeks u reisgeld beveilig. U hoef nie noodwendig 'n bankrekening te hê nie — u koop hulle eenvoudig oor die toonbank by enige Tak van die Standard Bank.

U teken die tjeks as u hulle koop, en weer as u hulle kasseer of hulle in winkels en hotelle gebruik. Die twee handtekeninge moet ooreenstem —dit is u beveiliging.

Standard Bank-reisigertjeks is verkrygbaar in eenhede van £2, £5 en £10 — in Suid-Afrikaanse geld en Sterling en in eenhede van £5 en £10 in Rhodesiese geld.

U eie handtekening beskerm u, en u hoef nie 'n bankrekening te hê om Standard Bank-reisigerstjeks te koop nie.

Intam 14926/A

Oude Meester
Likeurbrandewyn
Beste Brandewyn in die Britse Ryk
Bekroon met Eersteprys en Goue Medalje
Half-eeuse Wynskou Londen 1950
V.S.O.P.
LIKEUR BRANDE
Oude Meester
Likeur Brandewyn

OUD &

OM EENDAG RUSTIG AGTEROOR TE KAN SIT

VERSEKERING DEUR

SANLAM

DIE GROOT AFRIKAANSE LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY

VZ 1289-2

BIER

Gesondheid

WEET U . . . .

dat die Brouers-Instituut van Suid-Afrika mildelik bydra tot die bevordering van hoëronderwys in ons land deur jaarliks 'n aansienlike bedrag aan studiebeurse vir studente van die Universiteit van Stellenbosch beskikbaar te stel.

BISA

Uitgereik deur die Brouers-Instituut van Suid-Afrika

G209/463

UIR ENERGIE VOOR DIE WEDSTRYD!

KOO-Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u meer lewenslus en veerkragtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.

KOO 'BOORD-VARS' VRUGTESAPPE

DIE SPESIAAL-VOORBEREIDE DRANKIE VIR DIE SPORTMAN

Pynappel verskaf lewenslus!

Ander gunsteling-geure: Lemoen, Pomelo, Koejawel, Tamatie, Appelkoos, Perske, Pruim.

N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR

MATIELAND

Uitgegee vir Oudstudente
en Donateurs deur die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
DR. ERNST VAN HEERDEN
MET MEDEWERKING VAN
DIE INLIGTINGSBURO VAN DIE UNIVERSITEIT

JAARGANG 2 · APRIL 1958 · NO. 1

INHOUD

REDAKSIONEEL

Die Administrasie van die Universiteit 7
Die Matieland-fonds 8

UNIVERSITEITSNUUS:

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar 1958 8
Eerste Groep Geneeskundige Studente begin met kliniese opleiding 9
Opening van Nuwe Navorsingsgeboue 11
Nuwe Dameskoshuis 13
Die U.S.-U.K.-Kernreaktor 13
Handelsfakulteit stig Buitemuurse Afdeling 15
Nuus vir Oud-Regstudente 15
„Tydskrif vir Aardrykskunde" 15
Prof. J. M. Joubert lê die tuig neer 16
Nuwe Akademiese Gebou 17
Hoofregter H. A. Fagan 19
Sir Charles Hambro 19
Eerbewys vir dr. M. J. Toerien 20
Nuwe Aanstellings aan die Universiteit 20
Wyle prof. F. D. Holleman 21
Heengaan van mnr. A. P. Barnard 21

ARTIKELS

Is ons Universiteite ons Erns? 22
Die Fakulteit van Ingenieurswese 25

VAN HEINDE EN VERRE 29

DIE „MATIELAND"-FONDS 30

STRAKOSCH-BEURS AAN MNR. L. D. NEL 31

BUITEBLADFOTO

Toneel in Werktuigkundige Laboratorium, Fakulteit van Ingenieurswese.

REDAKSIONEEL

DIE ADMINISTRASIE VAN DIE UNIVERSITEIT

MET die snelle uitbreiding van die Universiteit het die omvang van die universiteitsadministrasie ook aansienlik toegeneem. Toenemende getalle studente, nuwe kursusse, departemente en fakulteite, uitbreidings in die rigting van die Noordelike Stadsgebiede, die daarstelling van groot nuwe koshuise — dit alles het meegebring dat die administrasiepersoneel vergroot moes word en dat hy steeds groter verpligtings en verantwoordelikhede moes aanvaar.

Wat die suiwer *akademiese* administrasie betref, is die „dagbestuur" van die Universiteit die Uitvoerende Komitee, wat bestaan uit die Dekane van die verskillende fakulteite, met die Rektor as Voorsitter. Alle besluite van die Uitvoerende Komitee word voor die Senaat gelê wat bestaan uit al die professore van die Universiteit en verteenwoordigers van die Universiteitsraad en die Lektore-vereniging. Die Universiteitsraad, die hoogste gesagsliggaam van die Universiteit, bestaan uit lede deur die Konvokasie, die Donateurs en die Goewerneur-generaal benoem, benewens verteenwoordigers van die Munisipaliteit en die Afdelingsraad van Stellenbosch, van die Senaat van die Universiteit en van die Minister van Landbou, met die Vise-kanselier as Voorsitter. Besluite van die Senaat kom vir finale behandeling voor die Raad.

Stellenbosch as residensiële universiteit is besonder trots op sy groot aantal koshuise en die besondere stempel wat die koshuislewe op die studentegemeenskap afdruk. Daar is 9 koshuise vir dames en 7 vir mans waar ongeveer 2,200 studente gehuisves word.

Vanaf die begin van 1954 word alle eerstejaarstudente in aparte koshuise gehuisves. In die geval van dames staan die eerstejaarskoshuise onder die leiding van 'n Besoekende Professor, wat die Prinsipales van die koshuise met raad en hulp bystaan. Die Prinsipale word gesteun deur 'n Huiskomitee, wat bestaan uit 'n aantal senior damestudente wat leiding en voorligting aan eerstejaarstudente verskaf.

Eerstejaarmanstudente staan onder toesig en leiding van 'n professor wat by John-Murray-huis inwoon. Die Inwonende Professor word bygestaan deur 'n aantal seniorstudente, wat as raadgewers leiding aan die eerstejaarstudente gee en toesien dat orde en dissipline gehandhaaf word. Die meeste ander koshuise vir manstudente het ook Inwonende Professore.

Stellenbosch het baie van sy roem te danke aan die sportprestasies van sy studente en oudstudente. Vroeër het 'n paar dosente op 'n vrywillige basis gehelp met die organisasie van die Universiteit se sportbedrywighede; vandag is drie voltydse amptenare met sportadministrasie belas t.w. 'n sportsekretaris, 'n assistent-sportsekretaris en 'n sportassistent. Die volgende sportklubs bestaan aan die Universiteit: rugby; krieket; sokker; hokkie (mans en dames); tennis (mans en dames); atletiek; swem; boks, stoei; gimnastiek, gewigoptel, bofbal; sagtebal; gholf, jukskei, skerm; damesnetbal; tafeltennis; judo.

Die afrigting, vervoer en toerusting van sportspanne, die instandhou van velde, terreine en apparaat en die geldelike administrasie wat dit alles meebring, het 'n vername onderdeel van die daaglikse roetine van ons Universiteit geword. Die studente is inderdaad bevoorreg om 'n keuse uit so 'n verskeidenheid van sportsoorte te kan doen, en dan nog boonop die pragtige landelike omgewing van Stellenbosch te hê om hulle lieflingsport te beoefen.

Die Bou-afdeling van die Universiteit staan onder beheer van 'n Boumeester en Opsigter van Geboue. Hierdie afdeling is belas met die oprigting en instandhou van geboue, die vervaardiging van ameublement en toerusting, en alle elektriese werk en loodgieterswerk in universiteitspersele. Soms word egter besondere spoed met die oprigting van 'n gebou vereis, en dan word kontrakteurs van buite ook gebruik.

Tuine en terreine staan onder beheer van 'n opgeleide tuinboudeskundige. Die Universiteitsraad het ook 'n vaste *Komitee vir die Verbetering van Universiteitsterreine* waarvan een van die professore in Bosbou die saamroeper is. Die pragtige blomtuin en grasperke

van veral die Jan Marais-plein trek dikwels die aandag van besoekers en is 'n pluimpie vir die Afdeling Tuine van die Universiteit. Op die oomblik word aansienlike verbeterings aan die paaie tussen die Universiteitsgeboue aangebring, sementrioolvore is gelê en die padoppervlaktes gelyk gemaak en eersdaags sal tot die teer van die paaie oorgegaan word.

Die senusentrum van die Universiteit se akademiese werk is die Biblioteek. Vroeër is alle boeke van die Universiteit in die ou Christiaan Marais-Biblioteek gehuisves, maar 'n milde geskenk van die Carnegie-Korporasie van New York het die oprigting van 'n nuwe biblioteek in 1938 moontlik gemaak. Die huidige gebou is in 1952 uitgebrei, sodat daar tans ruimte is vir meer as 200,000 boeke. Die huidige boekevoorraad is 145,000; ook word daar 1,670 tydskrifte lopend ontvang en 'n groot aantal skripsies van ander universiteite, asook alle lopende regeringsblouboeke. Die Biblioteek staan onder beheer van die Bibliotekaris en die Assistent-Bibliotekaris, met medewerking van 'n groot aantal ander lede van die biblioteekpersoneel.

Die Administrasiegebou van die Universiteit is in 1932 ingewy en bevat kantore vir die Administratiewe personeel van die Universiteit, kantore vir die personeel van die Afrikaanse Woordeboek, 'n Senaatsaal, 'n Raadsaal, die Inligtingsburo, 'n Komiteekamer vir die Studenteraad en die nodige kamers vir komitee- en fakulteitsvergaderings. Dit is reeds geruime tyd duidelik dat die gebou vir die uitbreidende administrasie van die Universiteit te klein geword het. 'n Aansienlike toevoeging tot die Administrasiegebou sal binnekort onderneem moet word.

Die Matieland-fonds

LESERS van ons blad sal hulle herinner dat mnr. M. H. Pienaar van Bellville in ons Augustus-nommer verlede jaar 'n pleidooi gelewer het vir die stigting van 'n *Matieland-fonds,* wat die Universiteit sal help om die druk- en verspreidingskoste van *Matieland* te bestry. Baie ander lesers het die wenk ondersteun en mnr. D. G. du Plessis van Sanlam, Bellville, het voorgestel dat 'n sirkulêre aan elke oudstudent gestuur word waarop hy dan kan meld hoeveel hy wil bydra.

In opvolging van mnr. Du Plessis se wenk, het ons in die Desember-nommer van *Matieland* 'n strokie ingesluit wat deur 'n aantal lesers met begeleidende tjeks aan ons teruggestuur is. Alhoewel mnr. Pienaar oorspronklik die bedrag van £1 per jaar as minimum bydrae tot die fonds genoem het, was verskeie lesers so vriendelik om groter bedrae te stuur. Sodoende het die fonds (tot op 15 Februarie) van 60 lesers bydraes ontvang. 'n Lys van bydraes verskyn agterin hierdie uitgawe.

Aan al hierdie vriende wil ons baie dankie sê vir hulle blyke van vertroue in en waardering van ons blad. Baie het hul tjeks laat vergesel gaan van briewe, waaruit opnuut blyk hoe 'n groot leemte die blad vul en hoeveel welwillendheid en toegeneentheid dit teenoor ons Alma Mater by die oudstudente wakker roep.

Om ander lesers wat miskien die Desembernommer nie ontvang het nie, of dalk die strokie verloor het, 'n kans te gee om tot die *Matieland*-fonds by te dra, plaas ons weer as los byvoegsel in hierdie nommer 'n vormpie wat ons graag ingevul van lesers terug ontvang.

UNIVERSITEITSNUUS

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar 1958

DIE Stadsaal van Stellenbosch was op Woensdag, 26 Februarie stampvol studente en belangstellendes toe die openingsplegtigheid van die Universiteit van Stellenbosch vir die akademiese jaar 1958 onder voorsitterskap van die Rektor, prof. H. B. Thom, plaasgevind het.

Na die Vise-kanselier, ds. J. S. Gericke, die verrigtings met skriflesing en gebed geopen het, het mnr. A. C. Loubser, Voorsitter van die Studenteraad, aan die woord gekom en sowel die nuwe as die senior studente op Stellenbosch verwelkom. Hy het gewys op die voorreg wat die studente het om in die unieke studentegemeenskap van Stellenbosch opgeneem te word en ook op die geleenthede vir karakterbou en lewensverryking wat hier gebied word. Ten slotte het hy die noue samewerking en vrugbare kontak tussen die Studenteraad en die universiteitsowerhede geloof.

Die geleentheidsrede is gelewer deur die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. J. J. P. Op 't Hof. Hy het die rol van die universiteite in die moderne, snel ontwikke-

lende Suid-Afrika geskets en ook gewys op die implikasies wat groter studentetalle en uitbreidende fasiliteite meebring. Die leser vind in hierdie nommer van ons blad 'n vollediger weergawe van mnr. Op 't Hof se boeiende voordrag.

In sy bedankingswoord het die Rektor, prof. H. B. Thom, die feit genoem dat ons Universiteit midde-in die volkslewe staan en dat steeds hoër eise aan hom gestel word. Meer en meer fondse word steeds benodig om die Universiteit aan sy doel te laat beantwoord. Maar die Universiteit van Stellenbosch het 'n lang en roemryke tradisie van volksdiens agter die rug waarop hy begerig is om voort te bou.

By 'n dinee dieselfde dag wat deur die Rektor vir mnr. en mev. Op 't Hof gereël is en waarby lede van die Universiteit se Vise-kanselierskomitee en Uitvoerende Komitee aanwesig was, het prof. Thom mnr. Op 't Hof geloof vir sy simpatieke belangstelling in universiteitsake en veral in die sake van ons Universiteit. Prof. Thom het aan ons geëerde besoeker 'n kosbare geskiedkundige werk oor Stellenbosch as tasbare blyk van waardering oorhandig. In sy bedankingswoord het mnr. Op 't Hof in breë trekke die verhouding tussen die staat en die universiteit geskets. Hy het beklemtoon dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wel deeglik bewus is van die belang van ons universiteite vir land en volk en dat die staat nie sal nalaat om sy bydrae tot hulle groei en ontwikkeling te lewer nie.

Eerste Groep Geneeskundige Studente begin met kliniese opleiding

OP Maandag, 3 Februarie 1958, het die eerste groep derdejaarstudente, 29 in getal, van die Fakulteit van Geneeskunde met die kliniese opleiding in die Karl Bremer-hospitaal begin. Aangesien dit 'n belangrike mylpaal was wat die jong Fakulteit bereik het, is 'n gesellige onthaal in die Hospitaal aangebied wat o.a. deur die Administrateur van Kaapland (mnr. P. J. Olivier), die Vise-kanselier (ds. J. S. Gericke), die Rektor (prof. H. B. Thom), die Registrateur (prof. S. J. Pretorius), die Dekaan van die Geneeskundige Fakulteit (prof. F. D. du T. van Zijl), die Dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe (prof. C. A. du Toit), die Superintendent van die Hospitaal (dr. R. L. Kotzé), die Voorsitter van die Hospitaalraad van die Noordelike Stadsgebiede (mnr. H. M. Pansegrouw) en die dosente en derdejaarstudente van die Fakulteit van Geneeskunde bygewoon is.

Nadat die Vise-kanselier die verrigtings met gebed geopen het, het prof. Van Zijl aan die woord gekom. Hy het die Administrateur bedank dat hy die Karl Bremer-hospitaal tot beskikking van die studente gestel het en vir die groot nuwe hospitaal wat in die Tygerberg gebou sal word. Hierdie nuwe hospitaal sal 'n paar miljoen pond kos en dien as opleidingshospitaal vir die Geneeskundige studente van die Universiteit van Stellenbosch. Aan die studente het prof. Van Zijl gesê: „Julle kom as Afrikaanse seuns en dogters na 'n Afrikaanse inrigting. Julle neem 'n groot verantwoordelikheid op julle. Die lewe stel hoë eise aan die geneesheer en ons vertrou dat julle hieraan sal beantwoord. Julle moet nie net hierheen kom om lede van 'n eervolle professie te word nie, maar ook burgers van die land. 'n Goeie geneesheer moet ook belangstelling toon in die gemeenskap in die breedste sin van die woord. As geneeshere moet julle wetenskaplik en moreel sterk staan." Prof. Van Zijl het voorts gesê dat die dosente jonk is, vervul met geesdrif en idealisme en net so bekwaam as op enige ander plek ter wêreld.

Die Rektor, prof. H. B. Thom, het hulde gebring aan die verskillende instansies wat die stigting van die Geneeskundige Fakulteit moontlik gemaak het. Die *Universiteit* het die inisiatief geneem, al die nodige inligting verkry en fondse ingesamel. Wat die insameling van fondse betref, het die Rektor spesiaal die steun van die Vise-kanselier, ds. J. S. Gericke, vermeld. Die Universiteit moes egter ook die toestemming van die *Staat* kry om die nuwe Fakulteit te stig. Daarby lewer die Staat in die breë bydraes op die £ vir £-stelsel. Voorts het die Rektor verklaar dat die Universiteit nooit 'n Geneeskundige Fakulteit sou gekry het as ons nie die samewerking van die *Provinsie* gehad het nie. Hospitalisasie is 'n provinsiale aangeleentheid en 'n Geneeskundige Fakulteit kan nie bestaan sonder 'n opleidingshospitaal nie. Daarom is ons die allergrootste dank verskuldig aan die Administrateur en die Provinsiale Administrasie. Indien die *publiek* (Engelssprekend sowel as Afrikaanssprekend), maatskappye e.a. instansies nie milde finansiële steun verleen het nie, sou die Geneeskundige Fakulteit ook nooit tot stand gekom het nie. Prof. Thom het voorts verwys na die groot taak wat die Universiteit gehad het om geskikte *dosente* vir die Geneeskundige Fakulteit te kry. Hy het besondere dank be-

tuig aan prof. Van Zijl wat alles in sy vermoë gedoen het om slegs die beste persone vir hierdie poste te kry. Verder het hy melding gemaak van die voortdurende steun van 'n bestaande departement, nl. die Dept. van Fisiologie met prof. H. E. Brink aan die hoof, i.v.m. hierdie aangeleentheid. Ten slotte het prof. Thom verklaar dat 'n Geneeskundige Fakulteit nie sonder *studente* kan bestaan nie. Die studente wy hulle met hartelus aan hulle taak en is die draers van 'n tradisie van studie en navorsing van 'n, volgens ons Suid-Afrikaanse standaarde, ou Universiteit.

Die nuwe Fakulteit is nie op groot getalle studente gesteld nie, maar wel op hoë gehalte. Die dosente sal hulle daarop toelê om intensiewe, persoonlike aandag aan elke student te gee.

Ten slotte het prof. Thom die hoop uitgespreek dat die Geneeskundige Fakulteit manne en vroue sal oplewer wie se eerste doel nie sal wees om baie geld te verdien of aansien uit hul professie te kry nie, maar wat die belange van hul medemens op die hart sal dra.

Die Administrateur van Kaapland, mnr. P. J. Olivier, het verklaar dat die nuwe hospitaal wat in die Tygerberg gebou sal word, die bes toegeruste geneeskundige skool in Suid-Afrika en een van die bestes in die wêreld sal hê. „Dit kom nie net die Universiteit van Stellenbosch toe nie, maar ook die volk van Suid-Afrika dat ons so 'n geneeskundige skool sal hê", het mnr. Olivier gesê. Die Karl Bremer-hospitaal is nie as opleidingshospitaal gebou nie, maar is tydelik daarvoor ingerig. Die nuwe hospitaal sal egter spesifiek vir hierdie doel ingerig word.

Die voorsitter van die Hospitaalraad van die Noordelike Stadsgebiede, mnr. H. M. Pansegrouw, het namens die Hospitaalraad en die ingesetenes van die Noordelike Stadsgebiede die studente hartlik welkom geheet in die Noordelike Stadsgebiede.

*

Op Woensdag, 5 Februarie 1958, het een van die plaaslike N.G. leraars, ds. T. C. B. Stofberg, in die disseksiesaal van die D. F. Malangebou 'n roudiens vir die kadawers gehou. Die tweedejaarstudente van die Fakulteit van Geneeskunde was teenwoordig. Ds. Stofberg het gesê dat die liggaam van die mens 'n tempel van God is en daarom moet die studente uit eerbied vir hulle Skepper die menslike liggaam met respek behandel.



Die nuwe manskoshuis Simonsberg wat verlede jaar voltooi is.

Opening van Nuwe Navorsingsgeboue

DIE pragtige nuwe gebouekompleks vir gespesialiseerde navorsing by die Westelike Provinsie se Vrugtenavorsingstasie is op 25 Januarie deur die Minister van Landbou, mnr. S. P. le Roux, geopen. Drie ander ministers was ook teenwoordig, benewens dr. R. I. Nel, die Direkteur van die W.P.-Vrugtenavorsingstasie, prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, talle hooggeplaastes uit die landbou- en nywerheidswêreld, donateurs en besoekers.

Die nuwe geboue lê aan Banhoekweg en kos sowat £170,000. Die laboratoriums wat die Minister geopen het, is dié vir voedseltegnologie, koelopberging, plantfisiologie en isotoopnavorsing. Wat Onderstepoort vir die veeteelt is, moet hierdie stasie vir die vrugteteelt word, is dr. Nel se ideaal. „En op sommige gebiede is ons reeds, reken ek, die Amerikaners skuins voor", sê hy. Hier word o.a. navorsing gedoen in verband met voedselbewaring en koelopberging, werk wat ten grondslag lê van die geweldige uitbreiding van die sagtevrugtebedryf in Suid-Afrika die afgelope tien jaar.

Daar is ook 'n eksperimentele inmaakfabriek — ook 'n eksperimentele steriliseerapparaat waarvan daar net drie gelykes in die wêreld is. Dit is een van die duur apparate wat die stasie van donateurs en nywerhede present gekry het.

Die laboratorium vir landbounavorsing deur middel van radioaktiewe isotope is volgens vakkundiges beter toegerus as 'n soortgelyke landboukundige isotoopnavorsingstasie in Oxford, wat die grootste in Engeland is. Daar is byvoorbeeld wêreldwye belangstelling vir die neutron-grondvogmeter, wat pas op Stellenbosch gebou is waarmee die voginhoud van grond binne een minuut bepaal kan word.

Nadat dr. R. I. Nel die besoekers welkom geheet het, het die Minister van Landbou aan die woord gekom. Min. Le Roux het gesê dat dit waarskynlik sy laaste boodskap as Minister van Landbou is en daarom rig hy dit nie alleen aan die vrugtebedryf nie maar aan die landbou as geheel. Suid-Afrika se toekomstige ontwikkeling, doeltreffendheid en vermoë om die beste gehalte teen die laagste prys te produseer, sal afhang van die manier waarop die beste gebruik gemaak word van bevindinge op tegnologiese en ekonomiese gebied.

Die land se inmaakbedryf het geweldig in die afgelope tien jaar gegroei. In die afgelope seisoen is meer as 100,000 ton vrugte ingemaak, terwyl die totale waarde van ingemaakte vrugte en groente van £900,000 in 1938 tot £20 miljoen in 1957 gestyg het. Produkte ter waarde van £12 miljoen is uitgevoer.

Die vordering in die voedseltegnologie het reeds groot belangstelling in die buiteland

Opening, Vrugtenavorsinggeboue.
Van L. na R.: *Mev. R. Nel, mev. H. B. Thom, min. S. P. le Roux, prof. Thom en dr. Nel.*

gewek. Nuwe sappe en konsentrate is uit vrugte vervaardig.

Min. Le Roux het ook ondernemings en mense bedank vir hul steun om die navorsingsgeboue en party van die toestelle te bou en aan te koop. Alles dra by om Suid-Afrika nie skaam oor sy produk te laat voel nie.

Die Minister het ook verwys na die besondere verhouding wat tussen sy Departement en die Universiteit van Stellenbosch bestaan: „Ek moet noem dat die Departement nie slegs deur 'n spesiale reëling met die Universiteit van sy tegnici beskikbaar gestel het om die doseerpligte in die verskillende vertakkings van voedseltegnologie te behartig nie, maar ook die nodige fondse bewillig vir die aankoop van die betreklike duur apparate en masjinerie vir die eksperimentele inmaakgebou. Dit is verder die voorneme van die Departement om 'n meer permanente reëling te tref en spesiale doseerposte van Professor en Senior Lektor beskikbaar te stel vir die doseerwerk in Voedseltegnologie om sodoende sy navorsingspersoneel weer ten volle vry te stel vir die groot take wat vir hulle voorlê.

„Dan moet ek melding maak van 'n spesiale apparaat wat geskenk is deur die Food Machinery Corporation van die V.S.A. aan die Universiteit wat van die allergrootste betekenis is vir navorsing i.v.m. hittepenetrasiestudies en wat dit moontlik maak om maklik die inwendige temperature in die blikke gedurende die preserveringsproses vas te stel. Hierdie geskenk is deur bemiddeling van mnr. R. Perkins, die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger van die firma bewillig. Mnr. Perkins was die eerste Voedseltegnoloog op Elsenburg in 1923."

Min. Le Roux het ten slotte sy dank aan die Universiteit oorgedra: „Ek moet die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch dank vir die nuttige samewerking by baie van hierdie projekte en die hulp wat sy bouafdeling verstrek het. Dit is miskien as gevolg van die wisselwerking met die Universiteit dat die twee landbou-inrigtings op Stellenbosch in so 'n mate presteer as wat hulle doen. Hulle is in die gelukkige posisie om nie slegs intieme kontak met die boer en sy probleme te hou nie maar andersyds ook met die professore en ander akademici d.w.s. met vooraanstaande persone oor 'n wye gebied van die wetenskap.

Ek kan ook nie hierdie geleentheid laat verbygaan sonder om hulde te bring aan die eerste Direkteur van hierdie Inrigting, dr. M. S. du Toit, wat die Inrigting tot stand gebring het nie. 'n Mens kan nie 'n goeie gebou op 'n swak fondament opbou nie. Die ontwikkeling van hierdie instituut — die eerste spesialiteitsafdeling van die Departement — is 'n blywende getuigskrif vir die manier waarop dr. Du Toit sy fondament gelê het en vir die suksesvolle patroon van navorsing, waaraan hy die beslag gegee het."

In sy antwoord op die toespraak van die Minister het die Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom, die rol geskets wat Stellenbosch van die vroegste tye af in die plattelandse landbou gespeel het. Hy het gewys op die toenemende belang van die voedseltegnologie in die ekonomie van die land, en die hoop uitgespreek dat die Universiteit van Stellenbosch, saam met die W.P.-Vrugtenavorsingstasie en die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege, die jong manne sal kan lewer wat Suid-Afrika nog verder op hierdie terrein sal kan dien.

Prof. Thom het die baanbrekerswerk geloof wat deur prof. R. W. Wilcocks, die voormalige Rektor van die Universiteit, en dr. M. S. du Toit, die vorige Direkteur van die Vrugtenavorsingstasie en tans sekretaris van Landbou, gedoen is en ook het hy verskeie instansies en indiwidue vir hulle skenkings bedank. „Ons vertrou dat die nog ontbrekende paar duisend pond ook weldra gevind sal word — veral as vriende van die Universiteit en ons landbou vandag hier sien wat reeds met geskenkte gelde bereik is."

„Sy Ed. die Minister het ook gepraat oor die goeie samewerking tussen die Universiteit en die twee landbou-inrigtings op Stellenbosch. Hy was ook so vriendelik om waardering uit te spreek vir die aandeel wat die Universiteit gehad het aan die totstandkoming van sommige van hierdie geboue. Ons is bly hy het dit genoem. Ons kan hom die versekering gee dat dit ons opregte strewe is om hierdie samewerking so heg moontlik te maak, en dit so sterk moontlik uit te bou. Hier op Stellenbosch het vandag al 'n ietwat sonderlinge situasie ontstaan. Dit is nie meer altyd so maklik om in ons groot verskeidenheid van aktiwiteite 'n skeidslyn te trek tussen die werk van die Universiteit, die werk van die W.P.-Vrugtenavorsingstasie, en die werk van die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege van die Universiteit nie. Neem bv. die baanbrekende werk wat onlangs hier gedoen is in verband met die bereiding van 'n gaar mieliemeel wat onmiddellik vir gebruik gereed is, en wat ook deur die Minister genoem is. Die senior student wat hieraan gewerk het, was 'n M.Sc.-student van die Universiteit. Die dosente van wie hy onderrig en leiding ont-

vang het, was amptenare van die Departement van Landbou. Die materiale en apparate wat hy gebruik het, is grotendeels verkry deur die goedgesindheid van vriende van die Universiteit en die Departement. Die graad wat hy op die end ontvang het, is 'n graad van die Universiteit. 'n Mens kan die samewerking nie beter geïllustreer sien as juis in hierdie geval nie. Hierdie samewerking wil ons uitbou en nog veel hegter en groter maak. Ons kan nie tyd verloor met allerhande klein tegniese of teoretiese vrae nie, soos wie se verantwoordelikheid is dit of dat, maar ons moet voortgaan, ons moet almal saam skouer aan die wiel sit. Want 'n groot taak lê voor: om die mense van Suid-Afrika te voed, en om die produkte van ons bodem op die markte van die groot wêreld daarbuite te bring."

Nuwe Dameskoshuis

OP die terrein op die hoek van Hofmeyr- en De Waal-strate het vanjaar 'n nuwe dameskoshuis van die Universiteit verrys. Die perseel is net langs die koshuis Lydia en sluit die erf in waar die gebou van die Stellenbosch-klub vroeër gestaan het.

Die gebou is nog nie voltooi nie, maar 'n gedeelte daarvan was gereed om met die aanvang van die akademiese jaar die eerste 76 kosgangers te ontvang. Daar word gehoop dat die bouwerk in die loop van die jaar voltooi sal word en dat die nuwe koshuis uiteindelik 225 damestudente sal kan huisves.

Op die jongste vergadering van die Universiteitsraad is besluit om die ou Griekse naam „Minerva" aan die nuwe koshuis te gee. Minerva was die godin van die wysheid, die kuns, wetenskap en poësie en die Parthenon in Athene is o.a. tot haar diens gewy. 'n Afbeelding van Minerva pryk ook reeds op die boonste regterhoek van die universiteitswapen. Die ideale van universiteitstudie word paslik versinnebeeld in hierdie mooi naam uit die klassieke oudheid. Mag Minerva, soos haar susterkoshuise, nog baie tot die roem van die Eikestad en Matieland bydra!

Die U.S.-U.K.-Kernreaktor

DIE Universiteite van Stellenbosch en van Kaapstad werk saam om 'n instituut vir kernnavorsing in Wes-Kaapland te stig. Kernkragnavorsing het nou so belangrik geword dat die twee suidelike universiteite gevoel het dat hulle ook 'n deel daaraan moet hê. Opleiding in hierdie veld vereis hoogs gespesialiseerde, groot en duur toerusting en fasiliteite. Omdat die koste vir die universiteite afsonderlik te groot sou wees, is besluit om 'n Gesamentlike Universitêre Komitee vir Kernnavorsing te stig. Die komitee bestaan uit prof. dr. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. dr. R. W. James, waarnemende prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad, prof. dr. P. B. Zeeman, hoogleraar in die eksperimentele natuurkunde aan U.S., dr. E. van der Spuy, senior lektor in die natuurkunde aan U.S., prof. dr. A. C. Cilliers, hoogleraar in die teoretiese natuurkunde aan U.S., prof. dr. W. Schaffer, hoogleraar in die natuurkunde aan U.K., prof. dr. R. Guelke, hoogleraar in die elektriese ingenieurswese aan U.K., en dr. F. Holliman, senior lektor in die skeikunde aan U.K.

Die soort opleiding wat beoog word, kan alleen doeltreffend gedoen word as 'n eksperimentele kernreaktor en ander toerusting vir kernstudies plaaslik beskikbaar is. Die twee suidelike universiteite is van die grootste in die land en is besig om steeds uit te brei. Hulle sal in staat wees om navorsingsfisici, ingenieurs, chemici, medici en ander wetenskaplikes, beide personeel en studente, te voorsien om volle gebruik te maak van die voorgestelde fasiliteite op voorwaarde dat die instituut 'n genoegsame permanente personeel het.

Die instituut, hoewel dit onder die sorg van die universiteite opgerig word, sal nie net vir navorsing deur die universiteite gebruik word nie. Die Militêre Akademie en die Vloot sal dit in verband met die moderne oorlogvoering gebruik, opleiding vir landbou- en ander navorsingsinstitute sal daar gedoen word, en die geneeskunde en nywerheid sal ook daarby baat.

Die nodige apparaat sal omtrent £350,000 kos. Afgesien van die koste van die groot reaktor self, wat op sowat £200,000 gestel word, sal 'n werkplaas en ander elektroniese apparate aangekoop moet word. Die universiteite sal onmoontlik dié groot bedrag bymekaar kan maak, en hoop dat die Regering, die Atoomkragraad, die W.I.N.R. en die nywerheid en openbare liggame in Wes-Kaapland sal help.

Met die oog op die groot toekoms wat die gebruik van kernkrag in Suid-Afrika het, sal die instituut ook gebruik kan word vir die opleiding van navorsingsnatuurkundiges, ingenieurs, skeikundiges, geneeskundiges en ander wetenskaplikes.

Baie jong opgeleide Suid-Afrikaners wat nou in die buiteland moet werk, sal deur die instituut kan werk aan navorsing en opleiding in die kernfisika, bestralingskeikunde, en

VRA OM WOLNIT SUPER-SOKKIES

—en aanvaar geen plaasvervangers nie!

Van reknylon,
Terylene-en-reknylon of wol-en-
reknylon mengsel.
Net een grootte—pas elke voet.
Sak nie af nie—
breë rek hou hulle
op sonder om die been te knel.
So lekker sag, jy voel
hul skaars.
Verkrygbaar in pragtige kleure.

12 MAANDE LANK GEWAARBORG

Wolnit Super

DIE SOKKIES WAT HUL GELD DUBBELD EN DWARS WERD IS

VZ382/A

die biologiese wetenskappe, die ingenieurswese, landbou en die geneeskunde.

Die twee universiteite voel dat Wes-Kaapland by Transvaal agter staan wat navorsingsgeriewe vir kernstudies betref. Dit is noodsaaklik dat desentralisasie moet plaasvind en dat die Kaap sy regmatige plek moet hou. Daarom is besluit dat, hoewel die twee universiteite nog hul eie navorsing sal doen, hulle moet saamspan om groot navorsingswerke van werklike belang aan te pak.

Die munisipaliteit van Bellville het reeds 'n geskikte terrein vir die instituut aangebied, en daar word verneem dat een nyweraar £1,000 bewillig het.

Handelsfakulteit stig Buitemuurse Afdeling

IN 1924 is 'n begin gemaak met die doseer van handelsvakke aan die Universiteit van Stellenbosch. Twee studente het destyds vir die B.Comm.-graad ingeskrywe.

Nou, na 34 jaar, is op 24 Februarie 1958 die eerste buitemuurse klasse vir die B.Comm.-graad in die Bellville-Hoërskool gegee. Die direkte aanleiding tot hierdie stap is 'n versoekskrif van 22 plaaslike jong manne wat in kantore werk om „aandklasse" te Stellenbosch in te stel. Intussen is alreeds sterk vertoë van Bellville en die omliggende gebiede ontvang om 'n buitemuurse afdeling van die handelsfakulteit daar te stig. Na deeglike ondersoek, ook met betrekking tot die ervaring van die ander universiteite in ons land, is die voorstel om in een van die „voorstede" te begin deur die Senaat en die Raad van die Universiteit aanvaar. Besondere steun is ook deur die munisipaliteit van Bellville belowe wanneer later gedink word aan 'n eie terrein en geboue.

In Bellville kan slegs die B.Comm.-graad geneem word en nie die tweejarige Dipl. Comm. nie. Die belangstelling is werklik bemoedigend. Tot dusver het oor die 40 persone vir die buitemuurse klasse ingeskrywe en meer word nog verwag. Op Stellenbosch het 109 vir die B.Comm.- en die Dipl. Comm.-kursusse ingeskrywe. Ons begin dus met 'n totaal van naby die 160 eerstejaarstudente in die Handelsfakulteit. Die hoogste getal tot dusver was net oor die 100.

Die nuwe uitbreiding beteken vir die dosente heelwat ekstra werk en ongerief, maar dit word algemeen beskou as 'n noodsaaklike diens wat aan die gedurig groeiende bevolking van die Noordelike Stadsgebiede moet verskaf word.

'n Spesiale woord van dank word hier uitgespreek teenoor die prinsipaal van die Bellville-Hoërskool en ander verantwoordelike persone. Ons het niks anders as hulpvaardigheid en vriendelikheid van hulle ondervind nie.

C.G.W.S.

Nuus vir Oud-Regstudente

SEDERT die eerste studente van ons Fakulteit van Regte, die latere appèlregters H. H. de Villiers en C. G. Hall, in 1921 onder proff. W. M. R. Malherbe en H. D. Bodenstein gepromoveer het, het die Regsfakulteit 'n groot aandeel in die opleiding van ons land se juriste gehad.

Vooraanstaande juriste soos die reeds genoemde twee professore en dr. H. Verloren van Themaat, prof. I. van Zyl Steyn, hoofregter H. A. Fagan, appèlregter L. C. Steyn, regter A. B. Beyers, dr. T. E. Dönges, adv. D. P. de Villiers, Q.C. was almal een of ander tyd as dosente aan ons Regsfakulteit verbonde. Die huidige personeel bestaan uit proff. J. C. de Wet, J. P. Yeats en W. M. van der Westhuizen, dr. A. B. de Villiers en adv. K. F. J. Schwietering.

Die regstudente het in 1957 besluit om 'n „klub" van Stellenbosse LL.B.'s in die lewe te roep met as onderskeidende teken van lidmaatskap 'n heel besondere maroenkleurige das. Op die das verskyn daar eweredig gespasieer die goue weegskaal van die godin Justitia.

Die regsdas is verkrygbaar by die firma De Wet, Birdstraat, Stellenbosch, teen betaling van 17/6; die voornemende koper moet sy volle naam verstrek en die jaartal noem wanneer hy die LL.B. behaal het. As sy naam per abuis nie op De Wet se kontrolelys voorkom nie, sal 'n ondertekende verklaring van een van die regsdosente die sakie in orde bring.

Die huidige regstudente hoop dat alle oud-Maties wat daarvoor kwalifiseer, die das sal aanskaf om sodoende die reeks bekende kollegialiteit en solidariteit van die regstudente nog verder te versterk.

„Tydskrif vir Aardrykskunde"

ONS wyk af van ons gewone beleid om nie boeke of tydskrifte te bespreek nie en vestig die aandag van ons lesers op die „Tydskrif vir Aardrykskunde", tydskrif van die Vereniging vir Aardrykskunde-onderwys, waarvan die eerste nommer in September 1957 ver-

skyn het. Ons doen dit met vrymoedigheid omdat die eerste nommer van die tydskrif opgedra is aan die bekende Stellenbosse hoogleraar, prof. P. Serton, omdat die idee van so 'n vereniging en 'n lyfblad by ons Aardrykskunde-departement ontstaan het, en omdat 'n hele paar dosente en oudstudente van Stellenbosch in die Bestuur van die vereniging en in die Redaksie van die blad dien.

Die eerste nommer van die blad bevat 'n inleidende woord van die Voorsitter van die Vereniging, dr. D. J. Conradie. Verder is daar artikels oor: Die Internasionale Geografiese Kongres, Rio de Janeiro; The Role of Field Work in the University Teaching of Geography; Die Ontwikkeling en huidige stand van Aardrykskunde as Hoërskoolvak in Kaapland; Geographers and Regional Planning; Twee Kaarte van Bevolkingsdigtheid in Suid-Afrika; Answering a Senior Certificate Geography Question; Een en ander oor die Internasionale Geofisiese Jaar; A Geographical Outline of the Transkeian Territories; Die Nuwe Staat Ghana; Aardsrykskunde in die Primêre Skool; Recent Developments and Trends in Africa.

Die Jaargelde vir lede van die Vereniging is 15/- (Senior) en 7/6 (Junior). Die „Tydskrif vir Aardrykskunde" verskyn in April en September en word gratis aan lede gestuur. Manuskripte vir publikasie en boeke vir bespreking, sowel as navrae in verband met advertensieruimte moet aan die volgende adres gestuur word:

Die Sekretaris,
Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys,
Departement van Aardrykskunde,
Universiteit van Stellenbosch,
Stellenbosch.

Dit is duidelik dat hierdie nuwe blad in 'n groot behoefte voorsien en dat dit in die saak van die onderwys uitstekende dienste kan lewer. Ons beveel dit met graagte aan.

Prof. J. M. Joubert lê die tuig neer

MET die aftrede van prof. Joey Joubert verloor die Chemie-Departement en daarmee ook die Universiteit een van sy gewildste en bekwaamste dosente.

Reeds op skool het dr. Joubert onder die bekwame leiding van mnr. H. B. Luckhoff, wetenskaponderwyser aan die Montagu-Hoërskool as skolier uitgeblink, en in 1909 sy matriek-eksamen in die eerste klas afgelê met

Prof. J. M. Joubert.

Matesis en Fisika as twee van sy hoofvakke. Sy eerste kennismaking met Chemie as vak was aan die ou Viktoria-kollege toe hy in 1910 klasse geloop het by dr. C. D. van der Merwe, wat destyds as plaasvervanger vir prof. Van der Riet opgetree het, en al drie afdelings van die Chemie alleen moes behartig t.w. Anorganies, Organies en Fisies.

Na die terugkeer van prof. Van der Riet is dr. Van der Merwe as tweede professor aangestel en was hy vir die volgende jaar verantwoordelik vir die Organies, terwyl eersgenoemde die Anorganies waargeneem het. Hierna het die twee professore vakke omgeruil. Dit is dus interessant om te weet dat dr. Joubert sy eerste Organiese klasse by dr. Van der Merwe geloop het, en eers later die meer gevorderde deel van die Organiese Chemie by prof. Van der Riet bestudeer het.

In 1912 verwerf hy die B.A.-graad van die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop in die drie vakke Matesis, Fisika en Chemie, en agtien maande daarna die onderwys-sertifikaat. Aangesien die huidige Opvoedkundegebou eers in 1913 ingewy is, moes die agtien studente van sy OI-klas hulle voorlesings in opvoedkunde onder proff. Cillie en Pauw by-

woon in klaskamers van die Hoër Jongenskool wat deur die prinsipaal, mnr. Paul Roos, vir daardie doel aan die Viktoria-Kollege beskikbaar gestel was.

In Junie 1917 word dr. Joubert lektor in Chemie aan die ou Viktoria-Kollege en behou hierdie betrekking tot Junie 1920 toe hy met 'n Unie-Stipendium vir verdere studie oorsee gegaan het. Intussen het hy sy M.Sc. in 1919 (Cum Laude) verwerf. In Holland het dr. Joubert eers by prof. Van Romburg aan die Universiteit van Utrecht gewerk, maar is later na M.I.T. in die V.S.A. waar hy onder prof. J. F. Norris oor die polemerisasie van onversadigde koolwaterstofverbindings belangrike navorsingswerk gedoen het. Op grond van hierdie werk is in 1922 die Ph.D.-graad aan hom toegeken.

In Julie 1922 is hy terug na S.A. en word weer as lektor in Chemie aan sy ou Alma Mater aangestel. Dr. D. F. du Toit was toe reeds as derde professor in Chemie aangestel, en het die fisiese rigting verteenwoordig, terwyl die leerkragte in die anorganiese afdeling verder aangevul is deur 'n jonger broer van dr. Joubert nl. die alombeminde dr. Dawid Joubert, deur wie se vroeë heengaan die Universiteit een van sy belowendste jongere kragte verloor het. Aan die begin van 1928 word dr. Joubert bevorder tot senior lektor in Organiese Chemie, en na die aftrede van prof. Van der Riet in 1940 word hy as professor in hierdie afdeling aangestel. In 1946 na die dood van prof. C. D. van der Merwe word prof. Joubert hoof van die De Beers-Chemiese Instituut, 'n betreking wat hy tot op die huidige tydstip nog met die grootste onderskeiding vul.

Gedurende sy lang verbintenis met prof. Van der Riet was dr. Joubert hom dikwels behulpsaam met sy navorsing oor „Essensiële olies afkomstig van inheemse plante", en hierdie werk het hy later met sy M.Sc.-studente voortgesit, en 'n verbeterde distilleerapparaat ontwerp waarmee groter hoeveelhede olie uit die plante afgeskei kon word.

Die modernisering van die ou Chemiegebou, asook verdere uitbreidings in die departement self, is grotendeels aan die inisiatief en deursettingsvermoë van dr. Joubert te danke. Hy het hom steeds beywer vir beter akkommodasie vir sy studente en sy personeel en dit is dus verblydend dat hy die inwyding van die twee nuwe eerstejaar-laboratoria, asook die daarbyhorende twee groot moderne voorlesingsale, wat voorsiening maak vir ongeveer seshonderd studente, kon meemaak.

Sy rype ervaring as administratiewe hoof van een van die grootste departemente aan die Universiteit het hom ander verantwoordelike betrekkings besorg, o.a. voorsitter van die Benodigdhedekomitee en dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe. As dosent was dr. Joubert besonder gewild onder al sy studente, en deur intieme kontak met hulle in sy voorlesings en veral ook in sy praktiese klasse, het hy hulle almal persoonlik leer ken en in die nouste voeling met hulle gebly. Geen wonder dus dat hulle vir hom altyd met die grootste vrymoedigheid geraadpleeg het in verband met hulle studie- en ander probleme.

Die betrekking van besoekende professor vir alle privaatstudente van die eerstejaar, het dr. Joubert gedurende 'n periode van vier jaar met groot toewyding gevul, en kan hy dus ook sy bydrae lewer tot die sukses van ons eerstejaarskema.

Onder sy kollegas was hy altyd bekend as die vriendelike, toeganklike, en hulpvaardige „Joey", en het hulle hom steeds met die hoogste agting bejeën, en na hom opgesien as 'n persoon met 'n besonder nugter uitkyk op universiteitsake. Dit was dan ook veral in die senaats-, fakulteits- en ander komitee-vergaderings waar sy kollegas, senior en junior, sy nugter oordeel leer ken en waardeer het.

Gedurende sy lang dienstermyn is dr. Joubert getrou bygestaan deur sy eggenote mev. Rose Joubert, 'n dogter van wyle oom Boy de Waal van Van Riebeeckstraat, in sy tyd 'n welbekende en alombeminde figuur in ons dorp en daarby 'n groot vriend van die Universiteit. Mev. Joubert se opgeruimde geaardheid en haar buitengewone hulpvaardigheid en gasvryheid het vir haar ook 'n baie wye vriendekring onder studente en personeel besorg.

Gesamentlik kan prof. en mev. Joubert dus hulle tydperk van rus met die grootste vrymoedigheid aanvaar, in die volle wete dat duisende oud-Maties, sowel as Universiteit en publiek, met dankbaarheid terugdink aan die onbaatsugtige diens deur hulle aan die gemeenskap van Stellenbosch bewys. Langs hierdie weg wil ons hulle alle voorspoed, seën en geluk toewens, vir die rustyd wat hulle nou intree. G.J.R.K.

Nuwe Akademiese Gebou

NA die voltooiing van die nuwe D. F. Malangebou vir Anatomie en Fisiologie en die uitbreidingsgebou vir Chemie is daar 'n nuwe universiteitsgebou in die vooruitsig, nl. een om die departemente Sielkunde, Wiskunde en Afrikaans-Nederlands te huisves.

My naam is Wynand.
Ek sorg vir Ria.
Ons geld lê saam
by Saambou.
Ons huis staan
al dakhoogte.

SAAMBOU

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Saambou-gebou, h/v Burg- en Kasteelstraat, Kaapstad. TAKKE EN AGENTSKAPPE ORAL IN DIE UNIE EN S.W.A

vz. 9

ONTHOU,
wat u graag wil lees,
staan altyd in
DIE Huisgenoot
die gewilde weekblad
vir die HELE gesin

— — — INTEKENVORM — — —

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
DIE HUISGENOOT, Posbus 1802, KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Hiermee teken ek in op DIE HUISGENOOT, waarvoor ek die som van £..... vir 12 maande/6 maande insluit

Stuur dit aan:

NAAM .....

ADRES .....

.....

.....

Datum .....

Ek is 'n ou/nuwe intekenaar. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.) (S.K.)

INTEKENGELD

	1 jaar	6 maande
UNIE	£1 15 0	17/6
RHODESIË	£1 17 0	18/6
BUITELAND	£2 10 0	25/0

As betaling per tjek geskied, voeg asb. bankkommissie by.

Deur 'n gereelde intekenaar te word kan u aansienlik bespaar, want dan ontvang u DIE HUISGENOOT vir 'n hele jaar teen slegs 35/- (vir 6 maande teen 17/6).

Vir die gerief van voornemende intekenaars plaas ons hiernaas 'n intekenvorm

Die huidige akkommodasie in hierdie drie departemente het onvoldoende geblyk te wees. Die departement Wiskunde is nog al die jare gehuisves in die ou Hoofgebou (Kollege-Plein), terwyl die departement Afrikaans-Nederlands vroeër ook van hierdie gebou en die ou „Hollandse Saal" gebruik gemaak het en tans lokale in die gebou vir Sosiale Wetenskappe gebruik. Die Sielkunde-departement het met sy uitbreidende werksaamhede en getalle gevind dat die omgeboude ou Hospitaalgebou ook te klein geword het.

Die nuwe akademiese gebou vir hierdie drie departemente sal vas aan die gebou vir Sosiale Wetenskappe opgerig word, maar sal groter wees. Die huidige gebou vir Sielkunde sal moontlik later gesloop word wanneer uitbreidings aan die D. F. Malan-gebou noodsaaklik word. Die planne vir die nuwe gebou, wat beloof om 'n sieraad vir die Universiteit te wees, is reeds goedgekeur en die bouwerk sal binnekort begin.

Hoofregter H. A. Fagan

EEN van die ere-graduandi by die gradeplegtigheid van die Universiteit op 11 Desember 1957 was Hoofregter H. A. Fagan, bekende juris en letterkundige, wat die eerste ontvanger was van die ere-LL.D.-graad van die Universiteit van Stellenbosch. Gedurende sy lang openbare loopbaan was adv. Fagan ook die eerste Professor in die Regte aan ons Universiteit, maar voor die einde van die jaar van sy aanstelling (1920) het hy sy professoraat neergelê om as advokaat in Kaapstad te gaan praktiseer.

Dit was vir die Universiteit 'n eer en 'n genoeë om hierdie oud-professor van die Universiteit met sy gade by die gradeplegtigheid en daarna teenwoordig te hê.

Die Registrateur het ná die gradeplegtigheid die volgende brief van Hoofregter Fagan ontvang:

Hoofregter van Suid-Afrika,
Kamers,
Posbus 258,
Bloemfontein.
14 Desember 1957.

Geagte Prof. Pretorius,

Ek het al dankie gesê vir die groot eer wat die Universiteit van Stellenbosch my aangedoen het. Nou wil ek graag namens my vrou en myself ook ons opregte waardering betuig vir die hartlike, warme ontvangs wat ons Woensdag daar gehad het. Die Stellenbossers het ons laat voel dat die vriendskapsbande wat nog steeds vir ons verbind aan die plek waaraan ons soveel te danke het, ook van hulle kant nie verswak het nie.

En mag ons u gelukwens met die goeie organisasie wat die funksie so mooi en so glad laat verloop het.

Ons heilwense aan die Universiteit van Stellenbosch!

Met groete en hoogagting,
(w.g.) H. A. Fagan.

Sir Charles Hambro

THE University recently had the privilege of receiving a distinguished visitor in the person of Sir Charles Hambro, K.B.E., M.C., a Director of Union Corporation Ltd., Johannesburg, the Managing Director of Hambro's Bank in England and a Director of the Bank of England. Sir Charles has recently assumed the chairmanship of the Strakosch Memorial Trust which awards the Strakosch Memorial Scholarships for which students of our University are eligible.

Sir Charles, accompanied by Lady Hambro and their daughter, spent a short holiday in Cape Town during November. He was anxious to make contact with the Principal of our University and to discuss the Strakosch Scholarships with him. Prof. H. B. Thom arranged a small private dinner for the guests and had very valuable talks with Sir Charles. The visitors were shown around the University campus and were impressed by the extent and diversity of the University's activities.

Later the Principal received the following letter from Sir Charles:

"Dear Dr. Thom,

On arriving back in Johannesburg I must write and thank you, on behalf of all of us, for your kind and lavish hospitality during our visit to Stellenbosch. We were most interested in what we saw and have quite fallen in love with your town and its surroundings. I think all the students are very lucky to have such a university to learn in.

As I told you during our conversation, if there is anything I can do to help you or the university in any way please do not hesitate to call me.

My wife and daughter join me in sending you and your colleagues our best regards.

Yours sincerely,
(Sgd.) Charles Hambro"

Eerbewys vir dr. M. J. Toerien

DR. M. J. TOERIEN, M.Sc. (Stell.), Ph.D. (Rand), senior lektor in Anatomie in die Fakulteit van Geneeskunde, is onlangs benoem as een van die adjunk-redakteurs van die internasionale tydskrif „Evolution". In hierdie blad word wetenskaplike werk van hoogstaande gehalte op die gebied van die biologie, genetika, ekologie en paleontologie gepubliseer, veral met betrekking tot evolusieprobleme.

In die benoemingsbrief aan dr. Toerien skryf die hoofredakteur, dr. Everett C. Olson, van die Universiteit van Chicago, as volg: „Selection of Associate Editors is based primarily upon the eminence of individuals in the field of evolution, interest over the years in the journal, and the special field of interest. In addition, an effort is made to obtain good representation in the geographic areas of the world, where evolutionary study is being actively carried out. It was in consideration of these items, that your name was selected."

Wetenskaplikes van oor die hele wêreld werk aan hierdie tydskrif mee en in die „Board of Associate Editors" word verskeie lande soos Australië, Italië, Suid-Afrika en die V.S.A. verteenwoordig. Die erkenning wat dr. Toerien vir sy werk van vakgenote kry, is 'n persoonlike eerbewys vir hom sowel as 'n pluimpie vir ons jong Geneeskundige Fakulteit.

Nuwe aanstellings aan die Universiteit

DR. S. P. CILLIERS, M.A., LL.B., D.Phil. (Stell.) is vanaf 1 Julie 1957 as professor in Sosiologie in die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk aangestel. Hy was voorheen Senior Lektor in dieselfde departement. Prof. Cilliers het 'n ruk gelede van 'n uitgebreide studiereis in die Verenigde State teruggekeer. Hy het 'n groot aandeel gehad in die ondersoek oor die rol van die maatskaplike en sielkundige faktore by vertraging en skoolverlating onder Kleurlingskoliere en hy tree tans op as hoofnavorser en sekretaris van die omvattende sosio-ekonomiese studieprojek van die nie-blanke bevolkingsgroepe in Wes-Kaapland.

Dr. S. R. F. Göldner, M.Sc. (Stell.), Ph.D. (New York) is vanaf 1 Julie 1958 as professor in Wiskunde aangestel. Prof. Göldner het onlangs beurse van die „Mathematical Institute of New York" en van die Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing ontvang en is tans vir verdere studie in die Verenigde State.

Dr. H. W. Weber, M.D. (Jena) is tot professor in die Departement van Patologie in die Geneeskundige Fakulteit benoem. Prof. Weber is 'n bekende Duitse patoloog wat aan die Universiteit van Frankfort-am-Main gestudeer het en daarna verbonde was aan die Universiteit van Heidelberg in Wes-Duitsland.

Dr. J. M. du Toit, M.Sc. (Stell.), Ph.D. (Kaapstad) is van Senior Lektor tot Professor in die Departement Sielkunde bevorder. Hy sal voorligtingsielkunde doseer en ook verantwoordelik wees vir die toetsing van eerstejaarstudente en die opstel van rapporte oor hulle vordering. Prof. du Toit het heelwat navorsing gedoen oor die meting van elektriese breinritmes met die elektro-enkelograaf en hy is tans besig om in opdrag van die S.A. Vloot die uitwerking van drukking op die brein by diepseeduikers na te gaan.

Dr. P. W. van der Merwe, M.Sc. (Stell.), Ph.D. (Göttingen), volg prof. J. M. Joubert as professor in Organiese Chemie vanaf 1 Julie 1958 op. Prof. van der Merwe het derhalwe in Duitsland ook in Swede aan die Universiteit van Uppsala gestudeer en was sedert 1940 Senior Lektor in die Chemie-departement van die Universiteit van Stellenbosch.

Ander aanstellings aan die Universiteit is die volgende:

Dr. Joan Louw as senior lektrise in die Farmakologie aan die Geneeskundige Fakulteit;
Mnr. H. O. Reuter as senior lektor in elektriese ingenieurswese;
Mnr. J. J. Kesting as senior lektor in die Biblioteekkunde;
Mnr. W. R. Martin as senior lektor in Engels;
Dr. C. F. Garbers as senior lektor in Chemie;
Mnr. J. M. Louw as senior lektor in Siviele Ingenieurswese;
Dr. J. G. H. du Preez, lektor in Chemie;
Mnr. Hubert du Plessis, lektor in Musiek;
Mnr. G. W. Koornhof, lektor in Musiek;
Dr. R. G. Kriel, lektor in Sielkunde;
Mnr. H. G. van Niekerk, lektor in Sielkunde;
Mnr. D. D. Joubert, lektor in Sosiologie en Maatskaplike Werk;
Mnr. J. M. de Kock, Lektor in Soölogie;
Mev. D. C. Pickard, lektrise in Engels, Fakulteit van Opvoedkunde;
Mev. D. Mocke, lektrise in Engels, Fakulteit van Opvoedkunde;
Dr. P. J. Conradie, lektor in Klassieke Tale.

Wyle prof. F. D. Holleman

MET die heengaan van wyle prof. dr. F. D. Holleman op 22 Januarie 1958 het die Universiteit van Stellenbosch 'n groot wetenskaplike, 'n uitstekende dosent en 'n beminlike mens verloor.

Wyle prof. Holleman is in 1887 in Potchefstroom gebore. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is die Holleman-gesin gerepatrieer na Holland, waar hy sy regsopleiding aan die Universiteit van Leiden voltooi het. Hy het diens aanvaar in die Nederlandse administrasie in Nederlands-Oos-Indië en het hoogstaande administratiewe poste in Java, Madoera en Ambon beklee. In 1924 is hy as Sekretaris van die Nederlands-Oos-Indiese regering aangestel, en enkele jare later het hy Professor in die Etnologie en Sosiologie aan die Universiteit van Batavia geword. In 1934 is hy as professor in Adatreg aan die Universiteit van Leiden aangestel, en in 1939 het hy aan die Universiteit van Stellenbosch diens aanvaar as buitengewone dosent in Primitiewe Reg, Bantoereg en Naturellereg.

Naas sy voorganger en leermeester, prof. Van Vollenhoven, was prof. Holleman sekerlik een van die grootste Adatregsgeleerdes van ons tyd; maar hy sal in Suid-Afrika onthou word veral vanweë die besondere bydrae wat hy as wetenskaplike gelewer het op die gebied van die Bantoereg en die Naturellereg. Toe hy in 1939 aan ons Universiteit aangestel is, was daar nog uiters min gedoen aan 'n behoorlike studie van die Bantoereg. Uit die volkekundige publikasies wat beskikbaar was, aangevul uit navorsingswerk gedoen deur sy seun, dr. J. F. Holleman, en andere, het hy oorgegaan tot 'n sistematiese uiteensetting van die Bantoereg. As vooraanstaande regsgeleerde, met 'n diepe kennis van die Primitiewe Reg en van die regstelsels van ander minderontwikkelde volkere, kon hy die hele terrein van die Bantoereg oorsien, die essensiële regsbeginsels abstraheer, die nodige terminologie skep en 'n sistematiese klassifikasie van die regstof gee. In hierdie hoedanigheid het hy baanbrekerswerk in Suid-Afrika verrig en resultate van blywende aard gelewer. Die diepe agting wat hy vir die Bantoe en dié se regstelsel gehad het, het hy aan sy medewetenskaplikes en studente oorgedra, en ook op hierdie wyse 'n perspektief gebring en 'n diens gelewer wat nooit verlore sal gaan nie. Onder sy studente was hy, vanweë sy wetenskaplike benadering en sy groot menslikheid, 'n besonder gewilde dosent; met sy kollegas het hy saamgewerk op 'n wyse wat alleen van 'n groot gees kenmerkend kan wees.

Sy heengaan het vir my, as oudstudent en kollega, 'n leemte gelaat wat nooit weer gevul sal kan word nie.

N.J.J.O.

Heengaan van mnr. A. P. Barnard

OP 29 Januarie 1958 het mnr. A. P. Barnard, senior lektor in die Departement van Werktuigkundige Ingenieurswese, op tragiese wyse in 'n motorongeluk tussen Pretoria en Krugersdorp om die lewe gekom. Hy was op pad na 'n militêre kamp toe hy met 'n bok wat onverwags voor hom oor die pad gejaag is, bots, waardeur sy motor omgeslaan en hy onmiddellik gedood is.

Die Fakulteit van Ingenieurswese verloor in hom 'n uiters bekwame dosent wat oor die afgelope 11 jaar op kenmerkende wyse meegehelp het om die afdeling Werktuigkunde uit te bou tot wat dit vandag is. Hy het aan die begin van 1947 na Stellenbosch gekom as lektor en is in 1949 bevorder tot Senior Lektor. Veral in die vakke Binnebrandmotore en Masjienontwerp het hy baanbrekerswerk gedoen en daarin uitmuntend geslaag om behalwe die teorie ook die praktiese gesigspunte, wat vir die ingenieursprofessie so belangrik is, aan sy studente tuis te bring. Vir baie jare het hy leiding gegee in die laboratoriumklasse en steeds daarop aangedring dat moderne toerusting aangeskaf moes word. Slegs 'n paar dae voor sy vertrek na die Transvaal het 'n nuwe gasturbine-eenheid, ter waarde van oor die £2,000, wat eers baie onlangs vir universiteitslaboratoriums ontwikkel is, hier aangekom en in sy kenmerkende ywer het hy al dadelik besluit waar die masjien in sy afwesigheid opgerig moes word sodat hy dit by sy terugkeer kon aan die gang sit.

Wyle mnr. Barnard het die afgelope jare uitgebreide navorsingswerk by Yskor gedoen op die gebied van die koue walsing van plaat waarin hy belangrike nuwe feite gevind het wat hy besig was om in 'n Ph.D.-proefskrif te verwerk.

Waar die Fakulteit van Ingenieurswese saam met sy vrou en kinders treur oor 'n kollega en goeie vriend is hy dankbaar vir wat hierdie besielende, deeglike dosent vir baie jare aan studente kon gee wat vanhier die ingenieursberoep binnegegaan het. Piet Barnard is nie meer onder ons nie, maar sy gees leef voort in vele tientalle alumni van hierdie Universiteit.

R.L.S.

Is ons Universiteite ons Erns?

Verkorte weergawe van die rede uitgespreek by die amptelike opening van die Akademiese Jaar 1958 van die Universiteit van Stellenbosch

Deur MNR. J. J. P. OP 'T HOF

Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap

'N UNIVERSITEIT moet uiteraard nie alleen 'n weerspieëling wees van die tyd en die omgewing waarin hy bestaan nie, maar moet tegelykertyd 'n krag wees wat sowel die hede as die toekoms beïnvloed. Soos 'n eikeboom skiet sy wortels diep in die ryke erfenis van die verlede — 'n verlede waarin digters en denkers, kunstenaars en wetenskaplikes, vir ons onwaardeerbare skatte van kennis en skoonheid, lewenservaring en wysheid byeengebring het wat ons dwaas sou wees om te verwaarloos. Ons kan egter nie net in die verlede lewe en op die verlede teer nie. Die verbasingwekkende vooruitgang op die gebied van wetenskap en tegnologie, met al die nuwe ontdekkinge en nuwe denkbeelde wat daaruit voortvloei asmede die botsende staatkundige begrippe wat ons beleef, het vir ons 'n ander wêreld met ander probleme in die lewe geroep waarmee die Universiteit rekening moet hou.

Die nywerheidsomwenteling in Europa met sy groot invloed op die sosiale struktuur as gevolg van die geweldige ontwikkeling op nywerheids- en handelsgebied en die daarmee gepaardgaande ontwikkeling van vry primêre en sekondêre onderwys het, veral sedert die 19de eeu, belangrike veranderinge in die universiteitswese meegebring. Nie alleen het langs die ou tradisionele universiteite 'n aantal nuwe universiteite ontwikkel om die nuwe drang na 'n universiteitsopleiding te bevredig nie, maar ook nuwe fakulteite het ontstaan en in belangrikheid toegeneem. Hiermee het die universiteit ontwikkel in dié groot sentrum van geleerdheid en onderrig waar 'n groot verskeidenheid van vakke gedoseer word. Die universiteit bepaal hom nie meer slegs by die tradisionele lettere en wysbegeerte nie, maar bestryk nou 'n veel breër terrein wat opleiding vir die professies insluit. Hierdie wending is ook te regverdig as in ag geneem word dat die universiteite hulle nie meer in 'n afsonderlike wêreld bevind nie, maar midde in die gemeenskap staan wat hulle dien. Geen selfstandige nasie kan in die moderne tyd waarin ons leef 'n beskaafde lewenswyse voer tensy hy universiteitsdienste van formaat tot sy beskikking het nie.

Dit is noodsaaklik in ons landsbelang dat ons universiteite veel meer gegradueerdes sal lewer as tot dusver die geval was, veral as in gedagte gehou word dat ons land 'n jong land is met geweldige ontwikkelingspotensialiteite.

Om die belangrikheid van die universiteite in ons volkslewe nader te beklemtoon, dien in gedagte gehou te word dat in 'n tegnologiese eeu soos dié waarin ons leef, met sy kernfisika-ontwikkelinge, atoomenergie, straalvliegtuie van ongekende snelheid, e.d.m., die vraag ontstaan hoe die mens hierdie ontdekkinge kan aanwend om *beter* te kan lewe in teenstelling met die vraag hoe 'n mens kan *bestaan* met sulke vernietigingspotensialiteite. Die antwoord op die eerste vraag vind ons grotendeels daarin dat die onderwys gemeenskapsgerig moet wees, d.w.s. dit moet ook rekening hou met die middele waardeur die land bestaan en floreer.

Hierdie gemeenskapsgerigtheid van die onderwysstelsel is buitendien in die beste belang van die studente as indiwidue en as groep. Dit blyk sodra veranderinge in die tegnologie in aanmerking geneem word. Dit ly geen twyfel nie dat die verspreiding van die tegnologie onder alle volke van die aardbol, gedurende die volgende 50 jaar — d.i. min of meer die lewenspan van die kinders wat vandag op skool is — die hele aansien van die wêreld sal verander. Ook staan dit soos 'n paal bo water dat die tempo waarteen tegniese metodes verander ook nie sal verminder nie. Tensy die onderwys dus onder hierdie omstandighede gemeenskapsgerig is met die oog op die toekoms, laat dit veel te wense oor.

Daar dien egter gedurig en nougeset gewaak te word teen die wesentlike euwel dat die opleiding aan universiteite vir die professies nie te eng spesialiteitsgerig word nie, want die mens is liggaamlik, intellektueel en moreel 'n eenheid. Daar moet dus nie net rekening gehou word met die opeenhoping van stoffe-

like krag, rykdom en kennis nie, maar ook met sedelike krag, broederlike gesindheid en geloof; juis daardie waardes waarop ons Westerse beskawing gegrondves is en waarsonder dit noodwendig vernietig moet word. Dit wil my paradoksaal voorkom dat in 'n eeu waarin die rede so 'n oorheersende rol speel daar so min behoefte skyn te bestaan aan 'n beredeneerde lewensfilosofie. As ons universiteite studente die wêreld sou instuur wat nie hulle moedertaal kan skryf nie of geen kennis van ons geskiedenis of letterkunde dra nie of onbekend is met die belangrikheid van die wetenskap, sou beskou word dat hulle hul plig versaak het. Maar is dit nie 'n groter ramp as hulle studente die wêreld instuur sonder 'n lewensfilosofie en 'n duidelike begrip van wat goed en wat kwaad of reg en verkeerd is nie? Wat Hoër Onderwys, benewens kennis, meer naarstiglik kan nastreef vir homself en vir die studente is wysheid. En die vraag doen hom voor of hierdie doel bereik kan word sonder 'n gesonde godsdiensatmosfeer.

'n Faktor wat onrus baar, is die hoë persentasie druipelinge veral in die eerste studiejaar aan ons universiteite. 'n Opname wat die Departement se Navorsingsburo in 1954 gemaak het, het aan die lig gebring dat 28.72 persent van die eerstejaarstudente aan ons universiteite, wat vir die eksamens ingeskryf het, gedruip het, terwyl die ooreenstemmende persentasies vir tweede- en derdejaars 18.83 persent en 17.07 persent was. Onder die vele oorsake vir hierdie toestand is daar die feit dat in die meeste universiteite eerstejaarsklasse veels te groot is en dat die belangrike persoonlike aandag en noue kontak tussen dosent en student net nie moontlik is nie.

Die gemiddelde studente-personeelverhouding aan ons universiteite is nagenoeg 9 : 1, terwyl dit in die Verenigde Koninkryk 7 : 1 is en in sommige ander lande selfs 6 : 1. Gesaghebbendes is dit eens dat die verhouding in ieder geval nie hoër as 7 : 1 moet wees nie. Dit kom dus daarop neer dat ons universiteite nie 'n genoegsame personeelvoorsiening het nie en dat een van die gevolge daarvan is dat die klasse so dikwels te groot is. 'n Ander oorsaak van die groot persentasie druipelinge is dat min dosente onderleg is in die algemene metodiek van die onderwys, laat staan nog in die onderwysmetodiek van hulle besondere vak. Die gevolg hiervan is dat, hoewel hulle uitstaande vakkundiges mag wees, hulle maar al te dikwels nie die tegniek magtig is om hulle kennis op doeltreffende wyse aan die studente oor te dra nie.

Maar dit is bemoedigend dat daar 'n aanmerklike toename is in die getalle studente wat hulle na die universiteite wend. Dit is veral die geval sedert 1954. Vanaf 1951 tot en met 1954 was daar 'n gemiddelde jaarlikse styging van 684 blanke studente aan universiteite, uitgeslote die Universiteit van Suid-Afrika en Fort Hare, terwyl die jaarlikse styging vanaf 1955 tot en met 1957 gemiddeld 1,800 blanke studente was of 5,400 studente oor die drie jaar, wat 'n vermeerdering van nagenoeg 33⅓% is. Die tempo van vermeerdering het dus met 159% toegeneem gedurende die afgelope 3 jaar. As by hierdie verskynsel in ag geneem word dat volgens 'n studie van dr. L. T. Badenhorst en mnr. A. L. Kotze daar geskat is dat binne die volgende 13 jaar die studentetalle sal styg met 61 persent, tree nie alleen die belangrikheid van die universiteite meer op die voorgrond nie, maar ook die ontsettende verpligtinge wat hulle sal moet aanvaar om in die vraag na universiteitsonderwys te voorsien.

Die vraag sou wel gestel kon word of daar nie 'n veel strenger keuring moet plaasvind wat sal verseker dat slegs die mees intelligente jeug tot die universiteite toegelaat word nie. My antwoord daarop sou wees dat ons dan nie die getalle gegradueerdes sou kon bekom waarvan ons selfbehoud, ons vooruitgang en die behoud van ons erfenis van die Westerse beskawing afhang nie. Indien ons die besondere omstandighede en tradisies van Suid-Afrika met sy bevolkingsamestelling in ag neem, word ons tot die gevolgtrekking gedwing dat universiteitstudie van soveel belang is dat ons nie maklik moet dink aan 'n veel strenger keuringsproses nie, maar alle studente wat met genoegsame vrug universiteitstudie kan volg, dit moet gun om tot die universiteite toegelaat te word.

Nog skerper word die belangrikheid van die universiteite in reliëf gewerp as ons dink aan navorsing. Want nie alleen is dit 'n vername funksie van die universiteit om *bestaande* kennis te vergaar en oor te dra nie, maar ook om die bakens van die kennis te verruim, m.a.w. om nuwe kennis en nuwe waarhede te ontdek. En dit is nie iets wat spontaan gebeur nie. Alhoewel die ontdekking van 'n nuwe waarheid dikwels in 'n oogwenk geskied, word dit in die oorgrote meerderheid van gevalle voorafgegaan deur lang periodes van harde werk en intensiewe denke.

Die basiese opleiding van navorsers kan alleen aan universiteite geskied en die universiteitsdosent wat so intiem met sy seniorstudente verkeer, is beter gekwalifiseerd as

iemand anders om die potensiële navorsers onder sy studente uit te kies, en hulle dan die inisiële opleiding in navorsingsmetodes en in navorsingsdenkwyses te gee. Met die oog op die opleiding van toekomstige navorsers is dit een van die belangrikste redes waarom fundamentele navorsing, in teenstelling met suiwer tegnologiese navorsing, aan universiteite van primêre belang is.

Daar is ook 'n ander, en miskien nog belangriker rede, waarom universiteitsdosente navorsing behoort te doen. Dit is 'n gemeenplaas dat die dosent wat self nie navorsing doen nie, heel gou voeling met die nuwe ontwikkelinge op sy vakgebied verloor, en nie langer 'n werklik inspirerende dosent kan bly nie. Die waarborg daarvoor dat 'n universiteit tot sy volle ontwikkeling sal kom en dat hy die wese van 'n universiteit sal behou, lê daarin dat sy leerkragte nie alleen dosente nie maar ook navorsers is.

As ons universiteite ons erns is, staan dit egter reeds soos 'n paal bo water dat ons volk bereid sal moet wees om groter geldelike bydraes tot ons universiteite te maak as ons die nut uit hierdie erkende nasionale bate wil trek waarop ons aanspraak maak. Die aforisme *tempora mutantur nos et mutamur in illis* het nog niks van sy waarheid verloor nie, maar ons moet die les wat daarin opgesluit lê, toepas. Ek wil graag aanneem dat die studente nie alleen van die Universiteit van Stellenbosch nie, maar ook van al ons ander universiteite wanneer hulle as afgestudeerdes die lewe ingaan, altyd 'n oop beursie vir hulle worstelende Alma Mater sal hê. Ook ons land se nywerhede, wat in so 'n groot mate baat vind by die uiters belangrike dienste van ons universiteite, behoort m.i. te oorweeg om ruimer steun aan die inrigtings te verleen. En waar soveel indiwidue daarin slaag om in ons land redelike hoë peile van welgesteldheid te bereik, lyk dit my slegs billik dat meer van hulle by wyse van bemakings in hulle testamente aan ons universiteite hulle erkentlikheid sal betoon aan die land waarin hulle soveel voorspoed wedervaar het.

Ten slotte wil ek die studente van die Universiteit van Stellenbosch alle sukses toewens met hulle studies en die hoop uitspreek dat hulle hier 'n vormingsproses sal ondergaan wat hulle sal bekwaam om hulle plek in die samelewing as nuttige burgers en wyse mense vol te staan.

OUD-STUDENTEBOND — TAK PRETORIA: BESTUUR 1957



1ste Ry Sittende Links na Regs: *Dr. D. van Zijl, dr. J. J. D. Willers (Onder-voorsitter), mnr. H. C. Raubenheimer (Voorsitter), mev. A. J. Raubenheimer, dr. M. M. Loubser.* 2de Ry Links na Regs: *Mnr. B. van Staden (Penningmeester), mnr. J. P. de K. Mostert, mnr. A. J. Esterhuyse (Sekretaris), mnr. E. P. Evans.*

Die Fakulteit van Ingenieurswese

DIE snelle ontwikkeling van Suid-Afrika op nywerheidsgebied, die uitbreiding van vervoergeriewe, die toenemende verstedeliking van die bevolking, die meganisasie op talryke gebiede — dit alles het die werk van die ingenieur in ons tyd van primêre belang gemaak. G'n wonder dat die ingenieurswese vandag 'n professie van hoë aansien is nie en dat opgeleide ingenieurs onmiddellik na voltooiing van hul studies van interessante en goed-besoldigde werkkringe verseker is.

Die Universiteit van Stellenbosch was die eerste universiteit in Suid-Afrika om ingenieursopleiding deur medium van Afrikaans in te stel, en wel in 1941 toe 'n B.Sc.-kursus met ingenieursvakke aangebied is. In 1944 is die vyfjarige B.Sc. Ing.-kursus ingestel. In die wordingsjare is die Fakulteit eers gehuisves in die ou Fisikagebou in Victoriastraat; in 1947 het dit verhuis na die gebou van die Hoër Jongenskool wat vir die doel heeltemal herbou is. Alhoewel wyle prof. Reitz aanvanklik gemeen het dat die gebou te groot mag wees, was die uitbreiding en veral die aanwas van studentegetalle so groot dat gange verlede jaar uitgebreek moes word om addisionele klaskamerruimte te kry.

In 1946 is die Masjiensaal opgerig om veral die masjiene en laboratoriumtoerusting van die Ingenieursfakulteit te huisves. Gedurende 1954 is die elektrotegniese laboratoriums direk aan die hoofgebou aangebou en is 'n begin gemaak met die siviele laboratoriums op 'n nabygeleë terrein.

In die Elektrotegniese Afdeling bestaan die volgende fasiliteite: In die onderste verdieping is daar 'n werkswinkel, 'n masjienlaboratorium en 'n laboratorium vir meettegniek. In die boonste verdieping is daar ruim laboratoriums vir kommunikasie en elektronika, wat ook bekend staan as swakstroomelektrotegniek. Onder die groot verskeidenheid uitrusting is daar 'n radartoestel uit ou vlootvoorrade wat deur die personeel self in werkende toestand gebring is en tot by Tafelberg kan „kyk". Tans is begin met die opbou van 'n fyn ontwikkelde lugdraadtoestel vir die opvang van die seine en bepaling van die afstande van die Amerikaanse satelliet, in samewerking met die Amerikaanse waarnemers. Deur albei verdiepings strek 'n groot hoogspanningslaboratorium wat geskik is om spanninge tot 1 miljoen volt te hanteer.

Die nuwe Siviele laboratorium word vanjaar in gebruik geneem en die moderne laboratoria maak voorsiening vir die volgende:

(a) Struktuurleer-laboratorium, waar o.a. trek- en druk- en ander toetsmasjiene gebruik word vir uitvoer van toetse op struktuurmodelle en boumateriaal. Daar is 'n spesiale toetsvloer van 50 voet lank by 14 voet breed by 3 voet 6 duim dik gebou vir voorspanbeton-toetse en ook struktuurmodelle.

(b) In die hidrouliese laboratorium is vyf waterpompe geïnstalleer, een met 'n kapasiteit van 3,000 gellings per minuut teen drukhoogte van 60 voet en een van 300 gellings per minuut teen drukhoogte van 300 voet. Ruim voorsiening is gemaak vir ondersoek van waterstroming in kanale en pype en ondersoek van hidrouliese probleme met behulp van hidrouliese modelle.

(c) In die grondmeganika-laboratorium is fasiliteite vir toetse op alle soorte grond vir padbou, dambou en fondamentdoeleindes. Spesiale kamers is toegerus waar temperatuur en vogtigheid gereël kan word.

(d) Die materiale-laboratorium maak voorsiening vir toetse op klip, sand, bitumen en ander boumateriale vir bouwerke en padboudoeleindes, die ontwerp van betonmengsels en toetse van gewapende beton, voorspanbeton en betonmengsels.

Die Werksplaas is goed toegerus om apparate wat in die Fakulteit gebruik word, te bou en die nodige herstelwerk aan masjiene en apparaat te doen.

Die Laboratorium van die Departement Werktuigkundige Ingenieurswese is goed toegerus vir die volgende onderafdelings:

Binnebrandmotore, Stoomwerktuie, Hidrouliese Masjiene, Druklug, toets van materiale, Metaalkunde. Met die onlangse uitbreiding is veral 'n groot moderne stoomketel, enig in sy soort omdat dit in alle opsigte 'n weergawe van die jongste moderne ketels in die nywerheid is, geïnstalleer. Dit verskaf die stoom wat dan 'n puik stoomturbien aandryf, vanwaar die verkoelingswater na 'n spreidam gaan, net soos in groot kragsentrales.

Die vinnige ontwikkeling op die gebied van die gasturbine, soos 'n mens dit in die straalmotore van vliegtuie aantref, het dit nodig

gemaak om in hierdie rigting moderne toerusting te bekom. Die afdeling is dus besonder trots op 'n nuwe gasturbine van die bekende Engelse firma Rover wat spesiaal vir toetsdoeleindes ontwikkel is en so pas op Stellenbosch aangekom het. Die kragelement hiervan draai teen 'n spoed van oor die 40,000 omwentelinge per minuut.

In die hidrouliese afdeling is 'n Peltonturbine reeds geïnstalleer. Dit is 'n kragontwikkelende waterturbine wat dikwels op plase aangetref word, waar water met 'n hoë valhoogte beskikbaar is om meganiese werk te doen. Twee nuwe turbines, een van die Francis- en een van die Kaplan-tipe wat hierdie reeks masjiene volledig maak, het ook onlangs aangekom en word tans opgerig. In die nabye toekoms sal 'n windkanaal vir die toets van lemroosters hopelik opgerig word.

In die goed toegeruste werkswinkel, waar studente met alle masjiengereedskap kennis maak, het ook verdere masjiene bygekom, veral 'n mooi freesbank waarop suiwer werk van die hoogste noukeurigheid gedoen kan word.

Die kursus in Ingenieurswese duur vyf jaar, d.w.s. een jaar langer as die ooreenstemmende kursusse aan die ander Suid-Afrikaanse universiteite. Daar is baie oor die vraag geredeneer of dit die taak van die Fakulteit moet wees om net 'n wetenskaplike fondament te lê en „die maak van die ingenieur" aan die praktyk oor te laat, of dan wel of die jong man naas sy deeglike vakopleiding ook die mentaliteit en uitkyk van die professionele ingenieur geleer moet word. Met die vyfjarige kursus word hierdie tweede en ruimer opvatting nagestrewe, en word gehoop dat 'n ryper produk gelewer word. Sedert die eerste gegradueerdes in ingenieurswese die Universiteit in 1946 verlaat het, het die oordeel van die praktyk uitgewys dat hierdie moedige beleid die regte was. 'n Menigte berigte van oudstudente en werkgewers spreek van die besondere prestasies van jong ingenieurs wat uit die vyfjarige kursus die praktyk binnegegaan het. Meestal word die ekstra jaar opleiding deur werkgewers in aanmerking geneem by die vasstelling van die aanvangsalaris.

'n Ander belangrike oorweging is die feit dat baie aandag aan die basiese wetenskappe (wiskunde, toegepaste wiskunde, fisika, ens.) bestee word. Die Fakulteit voel sterk daarvoor dat 'n goeie grondslag in die suiwer wetenskaplike vakke gelê word om met die snelle vooruitgang van die ingenieurswetenskap tred te hou.

Die onderrig- en losiesgelde aan die Universiteit van Stellenbosch is relatief laag en dit vergoed ten dele vir die koste verbonde aan die vyfjarige kursus. Die samegestelde onderriggelde vir die ingenieurskursus wat klas-, eksamen-, laboratorium-, promosie- en biblioteekgelde insluit, beloop £56 per jaar, terwyl die losiesgelde in 'n Universiteitskoshuis £110 per jaar beloop.

Vanaf 1956 kry die ingenieurstudent na die suksesvolle voltooiing van die kursus twee grade, 'n B.Sc.- en 'n B.Ing-graad. Die student kies die afdeling van die ingenieurswese waarin hy wil spesialiseer, t.w. siviel, werktuigkundig, elektrotegnies (swaar- of swakstroomrigting). Vir die eerste drie jaar is die kursus vir alle studente in hoofsaak dieselfde, daarna word die verskillende vertakkings geskei.

Die belangrikste vakke is as volg:

(a) Siviel: Struktuurleer, Gewapende Beton en Materiale, Siviele Waterboukunde, Boukunde, Sterkteleer, Grondmeganika, Landmeetkunde, Openbare Werke, Hidroulika, Vervoerweë, ens.

(b) Werktuigkundig: Masjienboukunde, Werktuigkundige Toerusting, Hittewerktuigkunde, Waterwerktuigkunde, Lugwerktuigkunde, Gevorderde Ontwerp, ens.

(c) Elektrotegnies: Teoretiese Elektrotegniek, Elektriese Masjiene, Elektronika, Telekommunikasie, Elektrisiteitsvoorsiening, Meettegniek, ens.

Alle ingenieurstudente in hul tweede, derde en vierde studiejare moet aan die einde van elke jaar 'n periode van 8 weke praktiese werk doen by 'n onderneming wat deur die Fakulteit goedgekeur word. Hierdie vakansiewerk help die studente baie om praktiese ervaring in die algemeen op te doen en ook om met die spesifieke omstandighede en probleme van 'n bepaalde bedryfsonderneming nader kennis te maak. Vakansiewerk word ook gereël met inagneming van die student se voorkeur vir 'n bepaalde soort werk. Sommige firmas betaal 'n baie goeie salaris aan studente wat vakansiewerk doen, soms so veel dat hulle 'n hele jaar se sakgeld op dié wyse kan verdien. Die Universiteit is baie dank verskuldig aan die firmas wat jaarliks in hierdie verband hulle ondersteuning aan die Fakulteit gee.

Die feit dat die kursus oor vyf jaar strek, behoort die behoeftige maar skrander en ywerige leerling nie af te skrik nie. Behalwe die gewone beurse en lenings wat deur die Universiteit beskikbaar gestel word,

Studentetoneel by Eksamenuitslae.

is daar ook beurse van plaaslike organisasies soos munisipaliteite en afdelingsrade. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Staatsdienskommissie het elk 'n eie beursskema (onderskeidelik £250 en £300 per jaar). Hierdie gelde is nie terugbetaalbaar nie, maar die student verbind hom om na afloop van sy studies vir 'n aantal jare by die betrokke onderneming te gaan werk.

Oudstudente van die Stellenbosse Fakulteit van Ingenieurswese is orals in Suid-Afrika by groot en klein firmas en selfs in die buiteland aan te tref. As gevolg van die beursskemas van die Spoorweë en die Staatsdiens is baie oudstudente by hierdie instansies werksaam. Baie afgestudeerdes vind 'n heenkome by munisipaliteite, padadministrasies en boufirmas, by nywerhede en elektrisiteitsondernemings, by Yskor, die Poskantoor, die S.A.U.K. en in die masjienbou-bedrywe. 'n Paar oudstudente het alreeds met groot sukses hul eie praktyke as raadgewende ingenieurs opgebou.

Oorsese firmas in Engeland, Duitsland en Swede stel jong ingenieurs aan vir opleiding in hul fabrieke, betaal die reiskoste oorsee en 'n aantreklike salaris. Na twee of drie jaar kom die jong man terug na Suid-Afrika en tree gewoonlik dan in diens van die firma se organisasie in die Unie.

Dit is interessant om die jaarlikse aanwas van studentegetalle in die Fakulteit na te gaan. Vanaf 1951 tot 1957 het die totale aantal studente in die vyf jaargange van die kursus toegeneem van 190 tot 314. Die helfte van die studente studeer in die siviele rigting en die ander helfte is gelykop verdeel tussen die werktuigkundige en elektrotegniese rigtings: 'n verhouding wat ongeveer konstant bly. Die doserende personeel bestaan tans uit 4 professore, 15 senior lektore en 1 lektor.

Die moderne ingenieurswese het homself ontplooi in 'n menigte uiteenlopende en selfstandige ingenieurswetenskappe elk met sy eie navorsings- en werkmetodes, soos die elektrotegniek, termodinamika, lugdinamika, hidroulika, metallurgie, chemiese tegnologie, en in die jongste tyd, ook die atoomkragingenieurswese. Berekening, ontwerp en beplanning is nie die minste van die take van die ingenieur nie. Die huidige wêreldbeeld is in 'n belangrike opsig deur die ingenieur geskep en sy ywer en sy sin van verantwoordelikheid en betroubaarheid sal ook in die toekoms deurslaggewend wees.

Die Stellenbosse Fakulteit van Ingenieurswese hoop om steeds voort te gaan met sy taak om die manne te lewer wat sal bou aan 'n doeltreffender, welvarender en gelukkiger Suid-Afrika.

E.v.H. en C.H.B.

BANK EN SPAAR BY

VOLKSKAS

DIS U EIE BANK

VOLKSKAS
BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

HOOFKANTOOR: PRETORIA

Van HEINDE en VERRE

Dr. Henri T. Gonin (M.Sc. 1931) is aangestel as Senior Lektor in statistiese wiskunde aan die Universiteit van Suid-Afrika. Blykens 'n berig in die *Pretoria News* (30/10/1957) moes dr. Gonin sy sendingwerk onder die Bakgatla-stam in die Betsjoeanaland-Protektoraat en Noordwes-Transvaal neerlê as gevolg van 'n siekte wat hy daar opgedoen het. Dr. Gonin stam af van die bekende Gonin-familie wat baie op sendinggebied gepresteer het. Sy grootvader, ds. Henri Gonin, het die sendingstasie te Saulspoort in 1864 gestig en sy vader, ook Henri Gonin, was vroeër die bekende sendingdosent aan die Sending-instituut van die N.G. Kerk te Wellington. Die jong Henri het hom egter sterk aangetrokke gevoel tot die wiskunde en is ná studie te Stellenbosch na die Universiteit van Edinburgh waar hy die Ph.D. in statistiese wiskunde en 'n diploma in aktuariële wiskunde behaal het. Maar in 1942 het die drang na sendingwerk te sterk geword en het hy onder die Bakgatla te Mochudi, die sendingstasie van die N.G. Kerk in Betsjoeanaland, en ook later by die Saulspoortse sending gaan werk. Drie jaar gelede het hy ernstig siek geword en dit het mettertyd duidelik geword dat dr. Gonin nie weer sy werk in die sendingveld sou kon opneem nie. Hy het die afgelope twee jaar in die Pretoriase Ortopediese Hospitaal deurgebring waar hy stadig herstel en hom voorberei op sy nuwe werk as dosent in die Universiteit van Suid-Afrika. Dr. Gonin is getroud met 'n Switserse verpleegster, mej. Amiet; die egpaar het drie kinders. Ons wens hom herstelde gesondheid en ook vrugbare arbeid in sy nuwe betrekking toe.

Mnr. A. L. Prinsloo („Kalaharie" — B.Sc. Landbou 1935) van die Noordwestelike Kooperatiewe Landboumaatskappy Bpk., Lichtenburg, Tvl. is so vriendelik om sommer £5 vir die Matielandfonds te stuur. Hy stel ook voor dat die Oudmatie-kleurbaadjie 'n lig- of donkergrys agtergrond moet hê met 'n maroen en silwer motief in 'n strepie of omboorsel. Hy is natuurlik nie die enigste Oud-Matie wat van 'n grys baadjie hou nie, soos vorige briewe reeds bewys het. Baie dankie, mnr. Prinsloo, vir die geld en die wenke.

Ds. J. J. Driescher (B.A. 1927) van Bloemfontein kom met 'n nuwe voorstel i.v.m. die oudstudente-kleurbaadjie. Hy sê: „Waarom moet dit baie anders wees as die gewone kleurbaadjie waaraan ons in ons studentejare so verknog geraak het? Ek stel voor dat die gewone kleure gebruik word, maar net effens anders, d.w.s. baie breër maroen met ooreenkomstig minder goud en wit strepies. Die wapen kan dan heelwat anders wees."

Mnr. F. J. van der Merwe („Vellies" — B.Sc. 1951) van die „Boere se Koöperatiewe Wol- en Produkte-Unie Beperk" Windhoek, skryf: „Graag skaar ons onsself by die talle oud-Maties wat hulle gelukwense aan u oorgebring het met die uitgee van 'n blad wat ten doel het om oud-studente van ons geëerde universiteit saam te snoer. Dat dit wel in sy doel slaag is baie duidelik merkbaar uit die talle briewe wat u reeds bereik het en in „Matieland" geplaas is. Ek het die eer om verbonde te wees aan die Suidwes-Afrika-tak van die grootste koöperasie in ons land en kan sonder voorbehoud sê dat ek my posisie tot 'n groot mate te danke het aan die opleiding en agtergrond wat ek op Stellenbosch gekry het. Daarvoor my dank aan dié wat verantwoordelik was vir my opleiding. Hiermee my hartlike wense vir sukses met u blad en ons sien alweer uit na die volgende uitgawe."

Mnr. G. J. van Eck (B.A. 1929), van Unionstraat 59, Riviera, Pretoria, is op soek na 'n mooi groot afdruk in kleur van ons Universiteitswapen. Hy sê hy versamel afdrukke van alle soorte wapens — van universiteite, kolleges, skole, klubs, munisipaliteite — en wil graag in verbinding tree met ander oud-Maties wat dieselfde stokperdjie beoefen.

Mnr. Werner Barnard (B.A. Regte 1949) bekende radioman, het in 1957 twee grade verwerf: die M.A. Regte (Oxford) en die LL.B. (Universiteit van Suid-Afrika). Veels geluk!

Mnr. J. B. Marais (B.Sc. Landb. 1947) van Adelaide, stuur sy bydrae tot die Matielandfonds en roep in herinnering dat hy en sy drie

broers (ds. S. Marais van Uniondale, (B.A. 1943), mnr. P. Marais (B.Comm. 1947) en mnr. J. P. Marais (B.Sc. 1948) gelyktydig aan die Universiteit gestudeer het.

Mnr. P. P. de Kock (B.Sc. Landb. 1942) van Bethal, Tvl. is sedert begin 1957 in diens by die firma Fisons (Edms.) Bpk. as Landbouadviseur vir die Transvaalse Hoëveld.

Mnr. Dirk Immelman (B.Sc. Landb. 1948) is as voorligtingsbeampte van die Departement van Landbou van Queenstown na Barkly-Oos verplaas.

Mnr. Koos Langenhoven (B.Sc. Landb. 1952) van Molteno, is as voorligtingsbeampte (Dept. Landbou) na Burgersdorp verplaas.

Mnr. A. C. van Niekerk (B.Sc. Landb. 1945), sekretaris van die Oud-Matiebond te Queenstown, vertel van 'n gesellige dinee wat deur die Oudmatiebond aldaar gereël is en waar Matie-jolyt hoogty gevier het. Hy stuur die pittige en geestige spyskaart saam en het ons monde behoorlik laat water!

Mnr. A. C. Vlok (B.Sc. 1918) is verlede jaar in Augustus op Volksrust oorlede. Mnr. Vlok het eers onderwys gegee, maar het later die onderwys vir die joernalistiek verruil en eienaar en redakteur van die Volksrustse koerant „The Recorder" geword. Mnr. Vlok het belangrike poste in die openbare lewe beklee en was o.a. burgemeester van Volksrust, voorsitter van die plaaslike Hospitaalraad en Voorsitter van die Volksrustse Kamer van Koophandel.

Pretoria se Oud-Maties is baie woelig (en suksesvol!) op sportgebied. Mnre. Jan van Dyk en Ted Evans was lede van die gekombineerde Transvaalse bofbalspan wat teen die besoekende Amerikaanse bofbalspan gespeel het. Op atletiekgebied het mnre. Zach Joubert en Chris Petty Noord-Transvaal verteenwoordig en mnre. Perry Enslin en D. Gouws het rugbykleure vir Noord-Transvaal verwerf.

Mnr. W. S. Malherbe (B.A. 1934) wat vroeër te Murraysburg, Tulbagh, Parys, Hoopstad en Bloemfontein onderwys gegee het, is sedert 1957 onderhoof van die Hoërskool Harrismith.

Mnr. P. D. Barnard (B.A. 1923) van Port Shepstone, betuig sy dank en waardering vir „Matieland" en skryf: „Die blad is met een woord puik. Dit beantwoord ten volle aan sy doel en laat 'n mens trots voel dat ons Alma Mater 'n blad kan uitgee wat so goed met soortgelyke blaaie van oorsee vergelyk." Mnr. Barnard stuur ook sy baie prikkelende menings oor die Oud-Matiekleurbaadjie. „Ek het 'n paar Oud-Maties raakgeloop", vertel hy, „wat die gewone Matiewapen op 'n swart of blou baadjie se boonste sak dra of selfs die rugbyerekleurwapen. Hulle was almal baie in hul skik en gaan so aanhou! Die Wellingtonse voorstel i.v.m. 'n maroen agtergrond vir die baadjie sal nie byval vind nie. Die dae van so 'n veelkleurige baadjie is verby, behalwe miskien vir die dames. Daar is geen rede waarom die dames nie hulle eie baadjie kan ontwerp nie, maar vir ons mans is daar net een uitweg: 'n donkerblou baadjie met die gewone Matiewapen en die woord „Oud-Matie" op die bo-sak. Verder wil ek ernstig daarvoor pleit dat die maroen universiteitsdas met die wapentjies daarop die das van alle Oud-Maties moet word." (Baie dankie, mnr. Barnard, vir hierdie wenke. Ons dra dit alles aan die komitee van die Studenteraad oor wat hierdie aangeleentheid sal behandel.)

Mnr. J. H. A. Koegelenberg (B.Sc. Landb. 1952) is vanaf 1958 as lektor in Akkerbou aan die Neudam-Landboukollege, Windhoek, aangestel.

Die „Matieland-fonds"

DIE volgende lesers het ná die oproep in ons vorige twee nommers bydraes vir die Matieland-fonds gestuur:

Naam en adres	Bedrag		
Barnard, Mnr. Werner, S.A.U.K., Johannesburg	1	0	6
Beukes, Mnr. P. B. A., Schwartzstraat 4, Strand, K.P.	1	0	0
Botha, Mnr. J. H. P., Hoërskool, Vanrhynsdorp	1	0	0
Daneel, Prof. J. W., Onderwyskollege, Potchefstroom	1	0	0
De Waal, Dr. D. M., p/a Yskor, Pretoria	1	0	0
Du Plessis, Mnr. D. G., Posbus 1, Sanlamhof, K.P.	3	0	0
Du Plessis, Mev. M. S., Posbus 809, Johanburg	1	0	0
Du Toit, Dr. J. S., Groote Kergebou 708, Kaapstad	1	5	0
Du Toit, Mev. M. E., Atlasstraat 26, Kimberley	1	0	0
Gerber, Mnr. H. H., Posbus 4590, Kaapstad	1	0	0
Gous, Mnr. A. S. F., Posbus 49, Meyerton, Tvl.	1	1	0

Grobbelaar, Dr. C. J., Krugerstraat 62, Potgietersrus, Tvl.	2	2	0
Groenewald, Mnr. B. J., p/a Werktuigkundige Hoofingenieur, S.A.S., Pretoria	1	0	0
Hall, Regter C. G., Appèlhof, Bloemfontein	1	1	0
Hough, Mnr. M. A., Posbus 4767, Johannesburg	1	0	6
Human, Dr. T. P., Posbus 19, Politsi, Tvl.	1	0	0
Kemp, Mnr. J. F., p/a Nimi, Posbus 395, Pretoria	1	0	0
Lombard, Mnr. P. J., Universiteit, Stellenbosch	1	0	0
Lombard, Dr. S. H., Universiteit, Pretoria	1	0	0
Lotz, Mnr. E. de V., Posbus 4, Hofmeyr, K.P.	2	2	0
Louw, Dr. D. J., Haldonweg 10, Bloemfontein	1	0	0
Marais, Mnr. J. B., Posbus 78, Adelaide, K.P.	1	1	0
Marais, Mnr. P. J., De Kuilenstraat, Kuilsrivier, K.P.	1	1	0
Meyer, Mnr. P. H., Posbus 132, Bellville, K.P.	1	0	0
Nel, Dr. Louis T., Goewermentslaan 824, Pretoria	1	10	0
Neser, Mnr. en mev. Mike, Posbus 16, Springs, Tvl.	1	0	0
Pienaar, Mnr. E. J., Posbus 50, Morgenzon, Tvl.	1	0	0
Pienaar, Mnr. M. H., Joostestraat 3, Bellville, K.P.	1	0	0
Potgieter, Mnr. J. R., Tegniese Kollege, Port Elizabeth	2	2	0
Prinsloo, Mnr. A. L., Posbus 107, Lichtenburg, Tvl.	5	0	0
Roos, Mnr. Gideon, S.A.U.K., Posbus 8606, Johannesburg	1	0	0
Roos, Mnr. H. H., Westergloor, Wellington	1	0	0
Rossouw, Mnr. J. H., S.A. Militêre Kollege, Voortrekkerhoogte	1	0	6
Scribante, Mnr. P., Constantia 3, St. Jamesweg 49, Oos-Londen	1	0	0
Scully, Dr. G. C., Kensington Drive 35, Durban-Noord, Natal	2	0	0
Smith, Ds. J. D., Ida, K.P.	1	0	0
Smith, Ds. P. E. S., Posbus 1012, Kaapstad	1	0	0
Theron, Ds. Joz. P., Posbus 119, Eldoret, Kenia	2	0	0
Theunissen, Mnr. en mev. L., Buffelsweg 121, Rietondale, Pretoria	2	2	0
Thom, Dr. H. B., Universiteit, Stellenbosch	2	0	0
Thom, Mev. H. B., Noordvliet, Jonkershoekweg, Stellenbosch	1	0	0
Truter, Mnr. F. C., Hoërskool, Bonnievale, K.P.	1	0	0
Van Breda, Mej. E., Posbus 6, Letaba, Noord-Transvaal	1	0	0
Van der Merwe, Mnr. F. J., F.C.U., Posbus 786, Windhoek, S.W.A.	1	10	0
Van der Spuy, Mnr. J. S., Adderley, Klipheuwel, K.P.	1	0	0
Van Graan, Mnr. J. F., Posbus 58, Thabazimbi, Tvl.	1	10	0
Van Heerden, Dr. Ernst, Universiteit, Stellenbosch	1	0	0
Van Heerden, Mev. J. C., Kerkstraat 11, Stellenbosch	1	0	0
Van Niekerk, Mnr. J. W., Posbus 5029, Ausspannplatz, Windhoek	1	0	6
Van Vuuren, Dr. J. C. J., Posbus 35, Humansdorp, K.P.	1	1	0
Van Zijl, Mnr. J. S., Mynfontein, Pk. Mynfontein-stasie, K.P.	1	10	0
Van Zyl, Mnr. G. H., Posbus 160, Klerksdorp, Tvl.	1	0	6
Van Zyl, Mnr. Izak, Posbus 1195, Johannesburg	1	0	0
Van Zyl, Mnr. J. A., Posbus 192, Gobabis, S.W.A.	2	2	0
Vedder, Dr. H. H., Okahandja, S.W.A.	2	2	0
Verwoerd, Mnr. W. J., Geologiese Op-, name, Posbus 401, Pretoria	1	1	0
Visser, Mnr. D. J. N., Kay's Kafee, Strand, K.P.	1	1	0
Vorster, Dr. A. J., Bloemhof, Plaston, Oos-Transvaal	1	0	0
Winward, Mev. J. C., Barford Haven 5, Robertsweg, Hermanus, K.P.	1	0	0
Wolfaard, Mej. S. M., Karl Bremer-hospitaal, Bellville, K.P.	1	1	0
Totaal (tot 15 Februarie 1958)	£78	7	6

Strakosch-beurs aan mnr. L. D. Nel

EEN van die Sir Henry Strakosch-beurse vir 1958 is vanjaar aan mnr. L. D. Nel, lektor in Wiskunde aan ons Universiteit, toegeken.

Die beurs bedra £600 per jaar vir twee jaar en moet vir verdere studie aan die Universiteit van Cambridge benut word. 'n Addisionele som van £200 as reistoelaag word aan die suksesvolle kandidaat uitbetaal. Mnr. Nel hoop om in Oktober met sy gesin na Engeland te vertrek.

Nou

is die tyd om te verseker teen

ONGEVALLE

U kan bes moontlik een van die 524* slagoffers van padongelukke wees wat gedurende hierdie week in Suid-Afrika gaan plaasvind. Is u gedek vir geval 'n ongeluk u inkomste affekteer? Is u genoegsaam gedek? Vir u eie gemoedsrus sal dit beslis die moeite werd wees om seker te maak hiervan. En SANTAM se deskundige diens is gratis tot u beskikking. Moenie onnodig risiko loop nie. Dit is nou die tyd om seker te maak van u ongevalleversekering. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Santam-kantoor of -verteenwoordiger.

Santam

VIR VEILIGHEID

Vir Ongevalle- Motor- Brand- en Diefstalversekering raadpleeg

SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

**Syfers uit amptelike Maandbulletin van Statistiek.* ST-15a

So SAG . . . So LIG . . . So BEVREDIGEND

OF U NOUAL ALLEEN KOM OF DIE GESIN SAAMBRING



As u in Port Elizabeth is, moet u gerus die Ford-fabriek besoek om die wonder van motorbou te aanskou.

Haal Bus nr. 7 of 7N te Mainstraat 28; of kom per motor. Geselskappe word daagliks om 9.30 vm. en 2.30 nm. deur die monteerinrigting geneem.

DAAR WAG
'N HARTLIKE
FORD-VERWELKOMING OP U!

F3256 A

FORD MOTOR COMPANY OF SOUTH AFRICA (PTY.) LIMITED



LOOPBANE by YSKOR

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), met meer as 20,000 werknemers (blank en nie-blank), as die grootste produsent van yster en staal in Suid-Afrika, verskaf in sy organisasie geleentheid vir interessante loopbane van sowel tegniese as administratiewe aard.

In die tegniese personeel is daar vakatures vir tegniese kwekelinge (d.w.s. vir gegradueerdes in die Chemiese, Elektrotegniese, Werktuigkundige en Mynbou-Ingenieurswese); vir Skeikundiges en Metallurge (in albei gevalle gegradueerdes); vir Laboratoriumassistente (gematrikuleerdes met skeikunde) en vir Vakleerlinge in die verskillende bedrywe. Ook word manne tot die ouderdom van 30 jaar voortdurend benodig vir opleiding as produksiewerkers.

Vir gegradueerdes in die Handel en Lettere of met ander aanneemlike universiteitsgrade of vergelykbare kwalifikasies is daar poste as administratiewe kwekelinge, terwyl gematrikuleerde jongmanne in aanmerking kom vir aanstelling as klerklike assistente.

Yskorwerknemers geniet die voordele van 'n bydraende Pensioenfonds, 'n Mediese Bystandsfonds, 'n Huiseienaarskema, 'n Verlofbonus, ontspanningsfasiliteite, e.d.m. Vir getroude werknemers is behuising beskikbaar op Vanderbijlpark, Thabazimbi en op Sishen, terwyl huisvesting vir ongetroude werknemers in hierdie sentrums ook beskikbaar is.

Verdere inligting is verkrygbaar by die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Posbus 450 PRETORIA

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q